

'N GEOGRAFIESE ONDERSOEK NA
DIE LANDBOUKLEINHOEWES
IN DIE GEBIED
RANDFONTEIN - WELVERDIEND..

deur

A.M. HEYNS, Honns. - B.Sc.

Verhandeling aangebied ter vo'doening aan die
vereistes vir die graad M.Sc. in die Departe-
ment Aardrykskunde aan die Potchefstroomse
Universiteit vir C.H.O.

VOORWOORD.

Die versameling van die stof vir hierdie studie het hoofsaaklik berus op selfstandige waarneming, ondersoek en navraging, omdat daar baie min gegewens in verband met die Landboukleinhoewes in die Unie bestaan. Daar is deurgaans getrag om die probleem objektief te benader, om daardeur wetenskaplike feite so getrou moontlik weer te gee.

Ek wil hier graag my hartelike dank uitspreek teenoor die perseelbewoners vir die aangename samewerking wat ek van hulle ontvang het. Daarsonder sou die navorsing onmoontlik gewees het.

My opregte dank ook aan die Nasionale Navorsingsraad vir die ad-hoc-toekenning, waardeur ek in staat gestel is om die navorsingswerk voort te sit.

In besonder wil ek my dank betuig aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir belangstelling en tegemoetkoming, en mnr. J.P. Duvenage onder wie se intense belangstelling en simpatieke leiding ek die studie kon voort sit, en waar hy soms uit sy pad gegaan het om my behulpzaam te wees.

Voorts erken ek die hulpvaardigheid van die Munisipaliteit van Randfontein.

Dr. J.H. Moolman vir sy belangstelling en hulp my hartelike dank.

Aan familieleden en vriende wat my steeds aangemoedig het en bygestaan het, my innige dank.

Laastens erken ek my afhanklikheid van Hom, Wie my van die nodige middele en leiding voorsien het om hierdie mylpaal te bereik.

VOLKSRUST.
13 Januarie 1954.

'N GEOGRAFIESE ONDERSOEK NA DIE LANDBOUKLEINHOEWES
IN DIE GEBIED
RANDFONTEIN - WELVERDIEND.

INHOUD.

AFDELING A.

Algemene geografiese aspekte.

Hoofstuk I.

Probleemstelling en Metode.

1. Probleemstelling.

2. Metode.

(a) Kartering.

(i) Ligging.

(ii) Behuising.

1. Swak.

2. Middelmatig.

3. Uitstaande.

(iii) Watervoorsiening.

(iv) Bewerking van persele.

(v) Toon aan die area (in morge) van elke skema,
asook die grootte van elke individuele
perseel in so'n skema.

(vi) Die jaar waarin die skema uitgemeet is.

(vii) Geen kaarte.

(b) Skriftelike studie.

(c) Vraelys.

Hoofstuk II.

Historiese ontwikkeling en die geregtelike aspekte
van die skemas.

1. Historiese ontwikkeling.

2. Geregtelike aspekte.

(a) Ontwikkeling van wetgewing.

(b) Regulasies.

3. Beheer./

II.

3. Beheer.

- (a) Stadsraad.
 - (b) Gesondheidsraad vir Buite-stedelike gebied.
 - (c) Geen beheer.
-

HOOFSTUK III.

Enkele basiese geografiese aspekte.

1. Ligging.

2. Geologie.

- (a) Pretoria serie.
- (b) Dolomiet serie.
- (c) Swartrif serie.
- (d) Beweging van ondergrondse waters.

3. Topografie.

4. Klimaat.

- (a) Algemeen.
- (b) Temperatuur.
- (c) Temperatuuruiterses.
- (d) Ryp.
- (e) Reënval.

5. Plantkundige aspekte van die gebied onder bespreking.

- (a) Klipveld.
 - (b) Soetveld of Themedaveld.
-

HOOFSTUK IV.

Ondergrondse waters.

HOOFSTUK V.

Die kultuurlandskap.

- 1. Kortbegrip van 'n kultuurlandskap.
- 2. Verband van die gebied onder waarneming tot sy omgewing.
- 3. Aktiwiteite van die perseelbewoners.
- 4. Ander/

III.

4. Ander kultuureenhede.

- (a) Behuising
 - (i) Blankebehuising.
 - (ii) Naturellebehuising.
 - (iii) Ander geboue.
 - (b) Paaie.
 - (c) Telefoondienste.
 - (d) Elektrisiteitsvoorsiening.
 - (e) Watervoorsiening.
 - (f) Omheining.
 - (g) Gronde.
-

AfDELING B.

BESONDERE STUDIE.

HOOFSTUK VI.

Landboukundig.

1. Inleidend.

2. Ontginning van die persele.

- (a) Grondgebruik.
- (b) Verbouing van die verskillende gewasse.
 - (i) Vrugtebome.
 - (ii) Mielies.
 - (iii) Groente.
 - (iv) Blomme.
 - (v) Voergewasse.
- (c) Diere.
 - (i) Koeie.
 - (ii) Hoenders.
 - (iii) Varke.
 - (iv) Bye.
- (d) Die ondervinding van die boere self.
- (e) Bemakingsfasiliteite.
- (f) Arbeid./ ...

IV.

- (f) Arbeid.
- (g) Metode van grondbewerking.
 - (i) Trekdieren.
 - (ii) Trekker.
 - (iii) Omspit.
- (h) Bemesting.
- (i) Besproeiingsmoontlikhede.

HOOFSTUK VII.

Ekonomiese aspekte van die Landbouhoewes.

1. Inleidend.
2. Besonderhede.
 - (a) Besit van persele.
 - (b) Inkomstes.
 - (c) Uitgawes.
 - (i) Koste verbonde aan perseel en erf.
 - (ii) Koste verbonde aan woning.
 - (iii) Belasting.
 - (iv) Water en ligte.
 - (v) Bepaalde lewensmiddele.
 - (vi) Reiskoste na die werk en algemeen.
 - (vii) Ploeg.
 - (viii) Arbeid.
 - (d) Nakoming van ander finansiële verpligtinge.

HOOFSTUK VIII.

Sosiologies.

1. Bewoners.
2. Naturelle probleem.
3. Sentrale dienste.
 - (a) Winkels (Lewensmiddels).
 - (b) Kerk.
 - (c) Skool./

- (c) Skool.
- (d) Mediese dienste.
- (e) Polisie.
- (f) Poskantoor.
- (g) Sportfasiliteite.
- (h) Vervoer.

HOOFSTUK IX.

Gevolgtrekking.

1. Inleidend.
 2. Redes vir die ontstaan van hoewes in die bepaalde gebied.
 - (a) Geografies.
 - (b) Werklike faktore.
 - (i) Finansiële voordeel vir grondeienaars.
 - (ii) Finansiële voordeel vir agente.
 - (iii) Finansiële voordeel vir landmeter.
 - (iv) Woningnood.
 - (v) Smag na eie grond en vryer lewe.
 - (vi) Agente is baie tegemoetkomend.
 - (vii) Goedkoper lewe.
 - (c) Doel van die wet No. 22 van 1919.
 3. Landboukundig.
 4. Ekonomies.
 5. Sosiografies.
 6. Algemeen.
 - (a) Samevatting van 1, 2, 3, 4 en 5.
 - (b) Theron-kommissie.
 - (c) Assistent-stadsingenieur.
-

AFDELING A.HOOFSTUK I.PROBLEEMSTELLING EN METODE.1. PROBLEEMSTELLING.

Met hierdie studienavorsing is in kort gepoog, om 'n algemene Aardrykskundige oorsig van die gebied waarin die landbouhoewes geleë is te gee. 'n Besondere studie is gemaak van die Landboukundig- Ekonomiese- en Sosiografiese-aspekte van die hoewes. Die doel met die besondere studie is om te bepaal in hoeverre die landbouhoewes aan hulle doel beantwoord, d.w.s. in hoeverre daarop landbou toegepas word en die rol wat die produksie van landbouprodukte speel ten opsigte van:

- (a) die selfvoorsiening van die eienaars,
- (b) die rol wat dit speel in die lokale mark,
- (c) die rol wat dit speel in die nasionale mark.
- (d) Verder is van allergrootste belang om te bepaal of die bewoners instaat is om hulle lewenskoste te verminder en of die lewe op die persele gevolglik 'n goedkoper lewe bied.
- (e) Daar sal aangetoon word, of dit vir die breër nasionale belang ook 'n bate is, al dan nie.
- (f) Omdat ondergrondse water in alle opsigte so'n belangrike rol speel in hierdie gebied, is daar 'n spesiale hoofstuk aan gewy.

2. METODE.(a) Kartering.

- (i) Ligging. Die eerste stap was om die grense en die ligging van die hoewes te bepaal en op kaart te stel. Die belangrikste paaie en spoorweg is op hierdie kaart aangebring, dit is slegs

ingeskets/ ...

ingeskets en nie volgens skaal nie maar tog 'n getroue weergawe van hulle posisie.

Vervolgens is landsgebruik kaarte opgestel van elk van die beboude skemas, waarop die volgende aspekte aangedui word:

- (ii) Behuising. Die tipe van woonhuis wat op elke perseel gebou is. Die huise is in drie groepe verdeel nl. (1) Die swak tipe woning, meestal platdak huisies wat vandag nie vir meer as £800 waardeer kan word nie. (2) Die middelmatige tipe woonhuis wat waardeer word tussen £800 en £1,500. (3) Die groep is die goeie en uitstaande woonhuise wat meer as £1,500 werd is.
- (iii) Watervoorsiening. Verder is aangetoon op welke metode water voorsien word, d.w.s. windpomp, handpomp, enjin ens.
- (iv) Die bewerking van persele d.w.s. die gebied onder vrugteboom en die gebied wat as landerye of tuinery gebruik word het sy, groente of mielies of ander gewasse. Die gewasse wissel so dikwels dat dit van min waarde sou wees en baie tyd verg om die verskillende gewasse aan te toon.

Weens die beperkte tyd en groot aantal hoewes, was dit onmoontlik om bogenoemde gegewens volgens skaal in te teken, nogtans is daar deurgaans gepoog om 'n duidelike beeld en verhouding van die verskillende aspekte weer te gee.

Die posisie van die huise en windpompe is in enkele gevalle weens praktiese moeilikhede

nie/

nie absoluut juis ten opsigte van die ander elemente nie, dit is egter slegs die uitsondering en sal ook geensins die waarde van die gegewens affekteer nie.

Daar moet ook opgewys word, dat sekere dele wat met die opstel van die kaarte nie onder enige verbouing was nie, daarna wel onder verbouing gekom het, terwyl in sekere opsigte landerye na die winterrus nie weer bewerk is nie. Ook is in enkele gevalle huise tans in aanbou. Die gebiede ontwikkel steeds in een of ander rigting en dit is duidelik dat sulke landsgebruikkaarte in sekere opsigte gou sal verouder.

- (v) Die kaarte toon ook aan die area (in morge) van elke skema, asook die grootte van elke individuele perseel in so'n skema.
- (vi) Dit toon aan in watter jaar die skema uitgemaak is.
- (vii) Geen kaarte is opgestel vir die skemas wat nog onontwikkeld lê nie.

(b) Bronne studie.

Beskikbare bronne i.v.m. aardrykskundige gegewens is geraadpleeg. Daar moet egter opgewys word dat geen gegewens wat direk van toepassing op die hoewes, onder bespreking is, nog op skrif gestel is nie, en alles moes dus nagevors word. Vir die besondere studie is die vraelys as basis gebruik. Verder is soveel as moontlik onderhoude gereël met persone wat lank in die gebiede woon, eienaars van plase, agente, landmeters, prokureurs, predikante, klerke, geregsdienaars en talle van die perseelbewoners self waar meer gegewens en

beskouings/ ...

beskouings ingewin is as wat slegs op die vraelys voorkom. Persoonlike waarnemings is deurgaans gedoen en opgeteken.

Daar is $\pm$ 800 persele wat tans bewoon word, alhoewel daar meer as 800 is, waarop huise gebou is. Die plan was om die lyste deur minstens 20% van die bewoners te laat beantwoord, maar omdat soveel tyd aan onderhoude en redenasies met die bewoners spandeer is, kon daar slegs 100 lyste voltooi word. Daar is egter sorg gedra dat daar verteenwoordigers van elke bewoonde skema ondervra is. Die gegewens wat hiervan verkry is, sal nogtans 'n baie goeie weergawe gee van die werklike toestand op die hoewes.

**VRAELYS BY DIE OPNAME VAN PERSEEL-UITBREIDINGS IN
DIE RANDFONTEIN - WELVERDIEND AREA.**

Algemeen:

- A. 1. No. van Perseel:
2. Naam van eienaar(es) of huurder.....
3. Beroep: Huistaal:
4. Hoeveel ander persele besit u?
5. (a) Welke hulp, indien enige, het u van die staat nodig in verband met u perseel?
- (b) Verlang u enige hulp van die staat?
6. (a) Hoeveel volwasse blanke persone woon op die perseel?
- (b) Hoeveel kinders?
7. Hoeveel van die persone werk voltyds op die perseel?....
8. Wat is hulle nering?
9. Wat die inkomste?
- B. Landboukundig:
1. Het u voorheen enige ondervinding van boerdery gehad?...
2. Is die perseel omhein?
3. Buitegeboue: (a) Koesiastalle.... (b) Hoenderhokke.....
- (c) Stoorkamer (d) Kafferkamer... (e) Varkhokke.
4. Wat is die aard van die grond (sanderig, leem, turf)..
.....
5. Neutraal, suur of kalk?
6. Aard van ondergrond (gruis, potklei, klip)

- 7(a) Wat produseer u vir die mark?
- (b) Welke mark voorsien u?
8. Wat produseer u vir huislike gebruik?
9. Watervoorraad? (Voldoende al dan nie)
10. Huur u Trekdiere of trekker?..... Wat betaal u?
11. Is werkvolk verkrybaar? Loon jong per maand...
12. Moet u bemes? 13. Probleme met bemesting.....
14. Het u probleme met skadelike insektes?
15. (a) Hoeveel hoenders of ander pluimvee het u?.....
- (b) Uitgawes (c) Inkomste aan verkope.....
16. Hoeveel koeie?..... Uitgawes..... Inkomstes.....
17. Hoeveel weiding vir u diere?
- (a) Op die perseel (b) Gemeenskaplik.....
18. Is daar 'n beesdip in die nabyheid beskikbaar?
19. Is die streek onderhewig aan hael?
20. Beskou u die perseel te groot, te klein, geskik.....
21. Welke area is aan verskillende gewasse oorgegee.....

C. Ekonomies:

1. Vir welke doel het u die perseel gekoop of gehuur?
(Woning, boerdery, Beide, Goedkoper lewe, Voorsorg
vir oudag).....
2. Beantwoord dit dan aan sy doel?.....
3. (a) Kosprys van onbewerkte perseel, of huur per maand
.....
- (b) Kosprys as u dit bewerk gekoop het
(c) Kontant betaal? Terme?
4. Waarde van verbeterings deur u aangebring?
5. Wat is u salaris per maand?
6. Wat is u benaderde inkomste aan bemarking van
produkte van u perseel?
7. Uitgawes daaraan verbonde?
8. Kry u enige pensioen?
9. Ander ondersteuning?
10. Persoonlike algemene indruk van Ekonomiese welstand
van perseelbewoner

D. Sosiologies:

1. Is daar nog 'n ander gesin op die perseel
familielid
2. Woon daar 'n naturelle gesin op u perseel?
3. Hoeveel kinders nog in die huis? Hoeveel
reeds uit die huis?
4. Hoe ver is die skool? Hoe kom hul daar?
5. Watter soort werk het die wat reeds werk?
6. Hoe kom u by u werk?
7. Hoeveel ure werk u per dag? Tyd aan reis?

8. Uitgawes om by werk te kom
 9. Wat was u vader se beroep?
 10. Behoort u aan een of ander vereniging of organisasie?
 11. Behoort u aan 'n koöperasie?
 12. Is daar 'n verpleegster in u gebied?
 13. U houding ten opsigte van 'n munisipaliteit?.....
.....
-

HOOFSTUK II.

HISTORIESE ONTWIKKELING EN DIE GEREGETELIKE ASPEKTE VAN DIE HOEWES.

1. HISTORIESE ONTWIKKELING.

Dit is baie duidelik dat die ontstaan van landbouhoewes in Transvaal nie gekoppel kan word aan die een of ander bepaalde wetenskaplike ondersoek, landboukundige behoeftes of planmatige skema nie.

Ten eerste kan dit tereg beskou word as 'n uitvloeiing van gebrek aan wetgewing in verband met die beheer oor die onderverdeling van plaasgrond, en as gevolg van bepaalde tekortkominge van wette wat wel later eers ingevoer is.

Ten tweede moet dit beskou word as die gevolg van ekonomiese omstandighede.

'n Derde rede is dat met die verstedeliking van die boerende bevolking, daar nog die sug na die grond en ruimer lewe bestaan het.

Ook was aan die begin die gedagte om die salaris aan te vul en goedkoper te lewe as in die stad.

Voor 1919 was die enigste staatsbeheer wat uitgeoefen kon word oor die onderverdeling van grond in die Transvaal - behalwe gedeeltes geproklameer kragtens die goudwet - dié wat voorsiening voor gemaak is in die Dorpsgebiede Wet 1907 (Wet No. 33 van 1907) wat op sy beurt die ontoereikende proklamasie van Dorpsgebiede ordonansie van 1905 vervang het. Hierdie wet het voorsiening gemaak vir beheer oor die uitlê van dorpsgebiede, maar as gevolg van moeilikhede in verband met die interpretasie van die term „Dorpsgebied" soos omskrywe in die wet, was die administrasie nie by magte om die ontwikkeling van onreëlmatige nedersettings om die Rand, waarin

daar/

daar geen toereikende voorsiening gemaak is, vir paaie of enige dienste wat noodsaaklik is vir publieke veiligheid, gesondheid en gerief, te verhoed nie.

In 1918 het die onderverdeling van 'n plaas naby Germiston tot 'n regsgeleding gelei, waarin die hof versoek is om 'n bevel van die Registrateur van Aktes, dat enige verdere verdeling van grond wat teenstrydig met die Dorpsgebiede wet is, nietig verklaar moet word. Die hof het die reëling van die Registrateur gehandhaaf en as gevolg hiervan is die opdeling van plase in klein afdelings van 15 of meer verhoed of gekontroleer. Gedurende die daaropvolgende jaar het die posisie egter geheel en al verander, as gevolg van die aanname deur die parlement van die „Landbouhoeven (Transvaal) Registratie" akte 1919 (Wet No. 22 van 1919)".

2. GEREGTELIKE ASPEKTE.

(a) Ontwikkeling van Wetgewing.

„Landbouhoeven (Transvaal) Wet No. 22 van 1919", magtig die Minister om op aansoek van 'n eienaar wat geskikte grond in hoewes van nie minder as een morg vir landboudoeleindes wil verdeel, 'n sertifikaat, op aanbeveling van die Raad - aangestel onder die Wet - uit te reik, op voorwaarde dat die uitleg nie 'n Dorpsgebied is nie. Geen voorsiening is egter gemaak vir enige beheer oor die paaie in die hoewes nie, en die Minister is ook nie gemagtig om reëlings in verband met voorsiening van essensiële dienste te skep nie, of om die eienaar te verplig om geld vir begiftigingsdoeleindes te voorsien nie.

As gevolg van die vrye betekenis van die term „Landbouhoeve" in die wet No. 22 van 1919, was die praktiese uitwerking daarvan, die uitleg van hoewes van een morg en groter buite die omvang van die Dorpsgebiedewet, behalwe in gevalle waar die gebied geheel en al

ongeskik/

ongeskik is vir landboukundige gebruik. Dit het gelei tot die ontstaan van 'n soort nedersetting wat in werklikheid 'n dorp is, onder dekmantel van landbouhoewes, maar waar die oorspronklike eienaar die meeste van die verpligting, deur 'n dorpsgebied meegebring, vrygespring het.

In 1931 is die "Dorpsgebiede-wet" grotendeels vervang deur die "Dorpsgebiede- en Dorpsbeplannings-ordinansie" (ord.No.11 van 1931). Hierdie ordinansie en wet No. 22 van 1919 is beperk tot dorpsgebiede en landbouhoewes, en die probleem om vas te stel in grensgevalle, of 'n groep onderverdelings 'n dorpsgebied uitmaak, of landbouhoewes of kleinplase, uitgesluit van kontrole, maak dit baie moeilik vir die administrasie om uitvoering te gee aan sy pligte. Die afwesigheid van wetlike kontrole oor die onderverdeling van grond wat nie behels word in dié twee wette nie, het gelei tot die ongekontroleerde onderverdeling van menige plase in kleinplase van 10 - 25 morges. Hierdie soort ontwikkeling het tot so'n mate plaasgevind dat dit onwaarskynlik lyk dat meer as 'n klein deeltjie van die hoewes wat reeds uitgelê en verkoop is, ooit voordelig bewoon sal word. In die meeste gevalle is hulle uitgelê met weinige inagneming van natuurlike faktore, en indien onbewoon en verwaarloos is hulle blootgestel aan erosie en ander vernietigende invloede.

Die "Advertering op paaie" en "Streekontwikkelingswet van 1940", maak geringe voorsiening vir kontrole oor die onderverdeling van grond grensende aan hoofpaaie, maar in die praktyk het die kontrole uitgeoefen onder hierdie wet, op 'n paar uitsonderings na, beperk gebly tot die instelling van toestande daarop gemik om die voerkapasiteit van die pad instand te hou, asook die

geriewe/

geriewe van die onmiddellike omgewing. Dit is egter nie gebruik om te vergoed vir die tekortkominge van ander wette met betrekking tot die onderverdeling van grond nie.

Die Transvaalse Administrasie besef die swakhede van die „Wet op Landbouhoewes“, en besef die noodsaaklikheid om kontrole uit te brei oor die verdeling van grond in klein stukkie. Tot 1944 egter het die Provinsie geen reg gehad tot wetgewing insake verdeling van grond vir ander doeleindes as dorpseanleg nie. Die inwerkstelling van die „Provinsiale Regte (Magte) Uitbreidingswet, 1944“ (Wet No. 10 van 1944) stel die Administrasie nou instaat om geskikte wetgewing daar te stel en 'n konseppordinansie is saamgestel met die doel om verbetering aan te bring in die bestaande wette van toepassing op verdeling van grond in Transvaal. Daar is egter nog geen wetgewing in die verband deurgeloods nie.

Hierdie samevatting is verkry uit die "Report of Commission of inquiry appointed to inquire into the subject matter of a Draft Ordinance to control the subdivision of farm land and Agricultural Holdings". (1) van 1948.

Volgens die Wet op die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne (Wet No. 51 van 1947) is die Randfontein distrik (asook Potchefstroom, Ventersdorp en Klerksdorp op 1 Junie 1950 'n Beheerde gebied verklaar. Gevolglik is die bepalinge van artikel 15 van hierdie wet daarop van toepassing. Artikel 15(1) maak hoofsaaklik voorsiening vir die beheer oor die onderverdeling (ook in landbouhoewes) en verandering van die gebruik van grond in die Beheerde gebied. Die wet maak egter geen voorsiening vir enige vorm van beheer oor die gewone administrasie van landbouhoeweskemas nie.

(1) Report of Commission of Inquiry, 7, 1948. Die/

Die meeste van die landbouhoeweskemas staan reeds weens die genoemde vorige wetbepalings onder staatsgesag. Volgens Artikel 15(2), word onder sekere omstandighede gevalle vrygestel van die bepalinge van Artikel 15(1), veral Artikel 15(2)(b) dui die voorwaarde vir vrystelling goed aan. In werklikheid is beheer kragtens Artikel 15(1) dus slegs van toepassing in gevalle waar 'n ander staatsgesag nie reeds „luidens 'n wetsbepaling" beheer uitoefen nie.

Die paar landbouhoeweskemas (soos aangedui onder, 3. Beheer, van hierdie hoofstuk) wat net vir sekere aspekte toestemming van die Gesondheidsraad vir Buitestedelike gebiede moet verkry, staan dus blykbaar origens vir hulle gewone administrasie, onder geen direkte beheer nie. Die Regulasies geld natuurlik vir hulle, maar geen gesag is verantwoordelik om toe te sien dat dit wel nagekom word nie.

(b) Regulasies.

Staat van voorwaardes waarop die Dorperaad die toestaan van die aansoek van om 'n sertifikaat kragtens die bepalinge van die „Landbouhoeven Transvaal) Registratie Wet No. 22 van 1919", ten opsigte van 'n gedeelte van die plaas
Distrik

„A" STIGTINGSVOORWAARDES.

(1) Naam.

Die grond, aangedui op die algemene plan, en waarna verwys word in bovermelde sertifikaat, sal bekend wees as, en melding van die naam moet in iedere transportakte van 'n hoewe gemaak word.

(2) Plan/

(2) Plan.

Die landbouhoewes sal bestaan uit hoewes en paaie naastenby soos aangedui op die plan No.

Hierdie aanleg mag gewysig word, indien veranderinge nodig of wenslik gevind mag word tydens die opmeting van die grond, mits die finale uitleg goedgekeur word deur die Minister in ooreenstemming met die Dorperaad saamgestel onder die bepalinge van die "Landbouhoeven (Transvaal) Registrasie Wet No. 22 van 1919", en mits verder dat, nadat die algemene plan goedgekeur is deur die Landmeter-Generaal, die finale plan nie verander of gewysig mag word nie behalwe onder spesiale omstandighede en dan alleen met die toestemming van die Minister.

(3) Paaie.

Paaie sal rybaar gemaak word deur en op koste van die applikant.

Nog die applikant, nog die Goewerment, nog die Provinsiale Administrasie van Transvaal sal verantwoordelik wees vir die onderhoud en verbetering van die paaie of dreinerings daaraan verbonde nie.

(4) Telefoon en/of Telegraafdrade.

Die applikant sal die koste dra van verlegging van telefoon en/of telegraafdrade van die landbouhoeve indien nodig.

(5) Terrein vir Onderwys, en ander Goewermentsdoeleindes.

Hoewes No. ongeveer in die posisies aangedui op bogenoemde plan moet op koste van die applikant aan die betrokke owerheid getransporteer word.

(6) Waterregte.

Die reg om water te lei waartoe die plaas geregtig is, sal nie oorgedra word aan die eienaars van hoewes en die verpligtinge teenoor die water sal

gekanselleer/

gekanselleer word in soverre as wat dit die landbou-
hoewes raak.

(7) Inlywing van grond binne Munisipale gebied.

Die applikant moet die nodige stappe neem om
voor die uitreiking van die sertifikaat die grond in
..... se munisipale gebied te laat inlyf.

"B" TITELVOORWAARDES.

(1) Alle hoewes.

Alle hoewes is onderworpe aan Aktes van
Serwituut, No. 33/1897 en sertifikate van Regte op Minerale,

(2) Alle hoewes met uitsondering van

- (i) die hoewes in bepaalde klousules "A" hiervan
vir solank as dit gebruik word of benodig word
vir die doeleindes daarin genoem;
- (ii) sodanige ander hoewes as aangeskaf mag word vir
Goewerments- of Provinsiale doeleindes, vir
solank as wat hulle aldus benodig word, en
- (iii) sodanige hoewes as verkry mag word vir Munisi-
pale doeleindes vir solank as hulle aldus
benodig word, mits die Administrateur na oorleg
met die Raad die doeleindes waarvoor sodanige
hoewes verkry is, goedgekeur het, is verder
..... onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(a) Die hoewes word gehou as 'n landbouhoewe en moet
gebruik word slegs vir die doeleindes beoog deur die
woordbepaling van die uitdrukking vervat in die "Landbou-
hoeven (Transvaal) Registratie Wet, No. 22 van 1919".
Genoemde woordbepaling lui soos volg:

"Landbouhoeven beteken een stuk grond niet
kleiner dan een morgen, uitsluitend of hoofsaaklik
gebruikt/ ...

gebruikt voor land- of tuinbouw of voor het telen of houden van huisdieren, pluimvee of bijen".

(b) (i) Die hoewe mag nie onderverdeel word nie, nog mag 'n deel of gedeelte daarvan verkoop, verhuur of op enige wyse vervreemd word sonder dat die skriftelike toestemming van die Raad daarvoor verkry is nie.

(ii) Die hoewe mag nie verkoop word aan of gesamentlik gehou word deur twee of meer persone nie.

(c) (i) Behalwe in buitengewone omstandighede en dan alleen met skriftelike toestemming van die Raad wat sulke verdere voorwaardes mag voorskryf as dit goeddink, mag nie meer as een woonhuis met die buitegeboue wat gewoonlik in verband daarmee nodig is op die hoewe opgerig word nie, of mag nie meer as een woonhuis op die hoewe gebruik word vir woondoelendes nie.

(ii) Die woonhuis met die uitsondering van die nodige buitegeboue wat op 'n hoewe opgerig word mag nie minder wees as die bedrag soos deur die Raad bepaal nie. Buitegeboue moet gelyktydig met die woonhuis opgerig word en laasgenoemde moet 'n volledige gebou wees, en nie 'n gedeeltelike geboue huis wat bestem is vir voltooiing op 'n latere datum nie.

(iii) Geen hout en/of sinkgebou van enige aard mag op die hoewe opgerig word nie.

(iv) Alle bouplanne en spesifikasies van geboue of veranderings of toevoegings tot geboue sal tot tyd en wyl 'n plaaslike owerheid gestig word, verwys word na die stadsraad soos bepaal sal

word, vir goedkeuring en samespreking met die applikant. Sodanige goedkeuring sal kosteloos geskied.

(d) Geen winkel of besigheidssentrum van enige aard mag op die hoewe oopgemaak of gedryf word nie.

(e) Die hoewe of 'n deel of gedeelte daarvan mag nie aan 'n kleurling oorgedra, verhuur of op enige ander wyse oorgemaak of vervreem word nie, en geen kleurling, behalwe die bediendes van die geregistreerde eienaar van die hoewe of die bewoner daarvan, en wat noodsaaklikerwys in diens is op die hoewe, word toegelaat om dit te bewoon of dit op enige ander wyse te okkupeer nie.

(f) Die eienaar moet die hoewe omhein en die heining in standhou.

(g) Die put-stelsel van sanitasie word nie toegelaat nie, maar die eienaar mag die 'Wembley' of sodanige ander stelsel soos goedgekeur mag word deur die Magistraat in oorleg met die Departement van Volkswelsyn aangebring en gebruik op die hoewe.

(h) Behalwe vir gebruik op die hoewe mag geen stene daarop gemaak word nie.

(3) Geen gebou sal nader as 100 vt. aan die grens van 'n hoofweg gebou word nie of 60 vt. aan die grens van 'n gewone pad nie. (1) (Hierdie afmetings wissel egter by die verskillende skemas).

(4) Woordbepalings (Definisies).

In die voorafgaande voorwaardes beteken die uitdrukkings :-

(a)/ ...

(1) Stadsraadleer, No. 644, Loumarina Agricultural Holdings.

(a) „Applikant" - Die betrokke persoon(e) wat aansoek doen om 'n plaas of gedeelte daarvan in kleinhoewes te verdeel, en sy opvolgers in titel.

(b) „Kleurling" - 'n Naturel of Asiatiese inboorling, Kaapse Slamaier, of enige persoon wat klaarblyklik 'n Kleurling is, en sluit in 'n maatskappy waarvan die beherende belang in sodanige persoon berus.

(c) „Woonhuis" - 'n Huis ontwerp as woning vir 'n enkele gesin. (2)

3. BEHEER.

(a) Stadsraad.

Die Stadsraad van Randfontein oefen tans beheer uit oor die volgende skemas :

- (i) Wilbotsdal.
- (ii) Loumarina.
- (iii) Ooster.
- (iv) Bootha.
- (v) Elands.
- (vi) Wheatlands.
- (vii) Randfontein-Suid.
- (viii) Pelzvale.
- (ix) Middelvlei.
- (x) Tenacre.

West Rand Garden Estates val onder beheer van die Stadsraad van Westonarea.

(b) Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike gebiede.

Die volgende skemas val onder beheer van hierdie Raad nl.

(1)/

-
- (2) Stadsraadlêer, No. 644, Loumarina Agricultural Holdings.

- (i) Dennydale.
- (ii) Koksrus.
- (iii) Koksrusuitbreiding.
- (iv) Petrograaf.
- (v) Wissingdal.
- (vi) Waters' Edge.
- (vii) Welverdiend.

(c) Geen beheer.

Die volgende hoewes val buite beheer van enige Raad, Liggaam of Bestuur.

- (i) Hillside.
- (ii) Hillside uitbreiding No. I.
- (iii) Dwarskloof.
- (iv) Randridge.
- (v) Eldorado.
- (vi) Eldorado uitbreiding No. I.
- (vii) Rikasrus.
- (viii) Vleikop.

Bogenoemde hoewes wat buite enige beheer val, moet egter lisensies vir die oprigting van enige publieke gebou of besighede toestemming daartoe by die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike gebiede verkry.

HOOFSTUK III.ENKELE BASIESE GEOGRAFIESE ASPEKTE.1. Ligging.

Soos die titel aandui sluit die studie die Randfontein - Welverdiend gebied in. Die gebied lê tussen die volgende lengte en breedte lyne:

Noordelike grens	-	26° 4' S.B.
Suidelike grens	-	26°22' S.B.
Oostelike grens	-	27°42' L.L.
Westelike grens	-	27°16' O.L.

In die praktyk is egter van duideliker grense gebruik gemaak. As suidelike en suid-oostelike grense is gebruik die Potchefstroom - Kraalkop - Randfontein nasionale pad. Vir die Oostelike en noordoostelike grense is die 27°42' L.L. en die Krugersdorp - Ventersdorp nasionale pad gebruik. Die Welverdiend landbouhoewes is as wesgrens geneem.

Hierdie gebied sluit dan die volgende landbouhoeweskemas in.

- (i) Eldorado landbouhoewes.
- (ii) Eldorado uitbreiding No. I landbouhoewes.
- (iii) Avalonia landbouhoewes.
- (iv) Dancornia "
- (v) Randridge "
- (vi) Ooster "
- (vii) Dwarskloof "
- (viii) Wheatlands "
- (ix) Elands "
- (x) Bootha "
- (xi) Loumarina "
- (xii) Wilbotsdal "

(xiii)/

- (xiii) Randfontein-Suid landbouhoewes.
- (xiv) West Rand Garden Estates landbouhoewes.
- (xv) Petrograaf landbouhoewes.
- (xvi) Middelvlei "
- (xvii) Pelzvale "
- (xviii) Tenacre " (ook bekend as Grasland).
- (xix) Hillside "
- (xx) Hillside Uitbreiding No.I landbouhoewes.
- (xxi) Koksrus landbouhoewes.
- (xxii) Koksrus uitbreiding landbouhoewes.
- (xxiii) Koksrus Uitbreiding No.I landbouhoewes.
- (xxiv) Dennydale landbouhoewes.
- (xxv) Vleikop "
- (xxvi) Rikusrus "
- (xxvii) Waters' Edge "
- (xxviii) Wissingdal "
- (xxix) Welverdiend "

Aansoek is gedoen vir die uitleë van die Townlands landbouhoeweskema tussen die Elands- en Dwarskloofskemas, maar daar is nog geen goedkeuring voor ontvang nie..

Die volgende ses skemas is nog heeltemal on-ontwikkeld nl.

- (i) Randridge landbouhoewes.
- (ii) Dennydale "
- (iii) Koksrus "
- (iv) Koksrus uitbreiding landbouhoewes.
- (v) Koksrus uitbreiding No. I landbouhoewes.
- (vi) Wissingdal landbouhoewes.

Op Waters' Edge landbouhoewes is nog geen blanke wonings opgerig nie, daar is wel stene aangery in 'n paar gevalle. 'n Paar hoewes is al bewerk en in enkele gevalle woon daar naturelle op die hoewes.

2. Geologie.

Die oudste rotsstruktuur, wat ook die basis vorm van die latere sedimentêre strukture, is die Ou Graniete en Shists en ander metamorfiese strukture wat hierby aansluit. Hierop volg dan die sedimentêre sisteme. Die oudste hiervan is die Witwatersrand-sisteem, gevolg deur die Transvaal-sisteem, daarna die Karroo-sisteem met die resente afsettings as die laaste verskynsel, wat nog nie as 'n sisteem bekend is nie. (1)

Die gebied waarin die landbouhoewes geleë is, val hoofsaaklik in die Transvaal-sisteem. Die Karroo-sisteem is reeds deur erosie weggevreet.

Die Transvaal-sisteem bestaan uit drie series.

- | | |
|----------------------|-------------------------------------|
| | (Magaliesberg kwartsiete skalies. |
| (a) Pretoria serie - | (Daspoort kwartsiete skalies. |
| | (Timeball Hill kwartsiete skalies. |
| (b) Dolomiet serie | (Dolomietiese Kalksteen en |
| | (horingsteen. |
| (c) Swartrif serie | (Konglomerate kwartsiete en skalie. |
| | (2) |

Dit is hoofsaaklik die swartrif en dolomiet series wat hier gevind word. Om Randfontein word hoofsaaklik die swartrif aangetref, met hier en daar kelle waar die dolomiet nog nie geërodeer is nie. Die swartrif kom meestal in 'n dun laag voor. Dit sluit gewoonlik heelwat skalies in, afgewissel deur kwartsietlaag, wat die kleiner gedeelte van die serie vorm. (3)

Die/

(1) Mellor, "The Geology of the Witwatersrand", p.14.

(2) Mellor, "The Geology of the Witwatersrand", p.12.

(3) Mellor, "The Geology of the Witwatersrand", p.36.

Die dolomiet serie word gevind meer na die noord-weste, die weste en suide van Randfontein. Dit is dan ook opmerklik dat perseelbewoners van Avalonia vind dat hulle dikwels op grotte afkom as hulle laat boor, en meer as een boormasjien se stampers het hier verlore gegaan. Dieselfde word gevind by die Petrograaf landbou-hoewes wes van Randfontein. Die hele gebied sover as Welverdiend en verder, val dan in die dolomiet streek.

Die kalksteen self kom baie selde aan die oppervlakte te voorskyn.

Die oppervlakte word hoofsaaklik beslaan deur die karakteristieke donkerrooi gronde. Oor groot areas egter kom groot massas horingsteen voor. Soms het dit heelwat verwering ondergaan en lê verspreid oor die oppervlakte.

Die dolomiet dele is gewoonlik baie onderhewig aan oplossing. Die gevolg is dat die growwer, onoplosbare dele oorbly, daarom dat die gronde oor die algemeen sanderig is. Die alkaliese bestandele het hoofsaaklik al in oplossing gegaan en is weggevoer, die gronde is dus algemeen arm aan alkalies, en het dus 'n suur geaardheid. Hierdie suurgronde is ongetwyfeld van die swakste gronde vir enige vorm van boerdery. Vandaar dat die bewoners dit moeilik vind om 'n sukses van hulle boerderytjie te maak. Meer besonderhede in verband met die gronde word gegae onder hoofstuk V.

Die water sak ook makliker deur in die dele en dreinerings vind hoofsaaklik onderaards plaas en min waterstrome vir besproeiing is beskikbaar, sodat daar vir watervoorsiening hoofsaaklik van boorgate gebruik gemaak moet word.

Naby/ ...

Naby Bankstasie kom die ondergrondse water aan die oppervlakte uit as gevolg van 'n gang van stollingsgesteentes wat in 'n noordelike rigting deur die dolomiet lê. Dit verdwyn weer na die weste, om by Oberholzer deur 'n gang of keerbank parallel en soortgelyk aan die by Bank, weer aan die oppervlakte te verskyn. (1)

(d) Beweging van ondergrondse waters.

Die beweging van ondergrondse waters in die dolomiet streke, vind noodwendig langs nate, barste en skeure plaas, die kanale is soms deur oplossing vergroot. Dit gebeur ook dikwels dat twee boorgate naby mekaar groot verskil in sterkte toon, of anders al is albei sterk, dan het die uitpomp van groot hoeveelhede water van albei geen invloed op mekaar nie. Dit staaf bogenoemde feit. (2)

Verder is gevind dat die gemiddelde aantal mislukkings vir boorgate in die dolomiet area 41% is. Almal kry water dieper as 300 voet. (3)

3. Topografie.

Die area waarin die landbouhoewes geleë is, lê hoofsaaklik in die dolomiet area en gedeeltelik ook die swartrif area. In teenstelling met die gedissekteerde gebied aan die noorde kant veral vanaf Krugersdorp noord- en noord-ooswaarts, bied hierdie gebied nie veel topografiese verskynsels nie. Dit is 'n eentonige, grasbedekte gebied. Slegs in die onmiddellike weste en noordwestelike kante van Randfontein word enigsins rollende landskap aangetref. Dit is meer in die swartrif gebied. Randfontein self lê op 'n hoogte van 5,600 voet met Wheatlands ten weste daarvan op 5,700 voet. (4)

Die/....

- (1) Nel, "The Geology of Ventersdorp and adjoining country". 76.
- (2) Nel, "The Geology of Ventersdorp and adjoining country", 78.
- (3) Nel, "The Geology of Ventersdorp and adjoining country", 78.
- (4) Topografiese kaarte, omgewing Randfontein vel 2627 B&D.

Die landskap daal hiervandaan geleidelik in 'n westelike rigting. Westonarea lê op 'n hoogte van 5,200 voet. (1) Bank lê reeds al op 'n hoogte van 5,000 voet. (2)

Verder is daar die tipiese dolomietkenmerk nl. min of meer sirkelvormige panne sonder uitloop. Die panne is tans opgedroog, teenoor moerasagtige toestande in die dertiger jare.

Dreineringsvind hoofsaaklik ondergronds plaas. Sterk strome verskyn soms op die oppervlakte as gevolg van 'n keerbank in die dolomiet. In meer as een geval verdwyn die strome egter weer nadat hulle 'n paar myl op die oppervlakte gevloei het bv. die stroom wat by Westonarea ontspring en ook die Wonderfontein loop.

Gesien vanaf die Witwatersrand, skyn dit asof die laagliggende dolomiet area aan die suide en suidweste begrens word deur 'n lang eskarpement bekend as die Gatsrand. Die Gatsrand is gevorm deur kwartsiete van die Pretoria serie, wat op die kalksteen lê. Aan die noordweste word dit soortgelyk begrens deur 'n eskarpement van die Pretoria serie. (3)

(a) Gronderosie.

Omdat daar geen groot verskille in die topografie voorkom nie, en die hellings oor die algemeen klein is, het gronderosie nog feitlik geen skade in hierdie gebied aangerig nie.

Uittrapping deur vee vind nie veel plaas nie, omdat die aantal vee wat op groot oppervlaktes vrylik wei, nie die weiding baasraak nie en ook omdat soveel van

die/ ...

-
- (1) Topografiese kaarte, Omgewing Venterspost, Vel 2627 BCD.
 - (2) Topografiese kaarte, Omgewing Fochville, Vel 2627 BCA.
 - (3) Mellor, "The Geology of the Witwatersrand", 12.

die grassoorte gou te suur word om bewei te word, en gevolglik 'n natuurlik beskutting bied. Die gewoonte om gras te brand is hier nog algemeen, hoofsaaklik om die ou suurgrasse af te brand sodat die vee so gou moontlik die jong lentegras kan bewei.

4. Klimaat.

(a) Algemeen.

Wat die klimaat betref val die gebied in die Hoëveldstreek met sy uiterstes en kan beskou word as tipiese kontinentale klimaat. Die klimaat van die Hoëveld as sodanig word beïnvloed deur die hoogte en die bergreekse wat dit omring naamlik aan die weste, suide en ooste, deur die berge van Namakwaland, die Roggeveld-, Winterberg-, Stormberg- en Drakensbergreekse, wat die Grooteskarpement vorm. Hierdie vlakte het 'n gemiddelde hoogte van 4,000 voet wat in die noord-oostelike gedeelte van die Transvaalse hoëveld tot 6,000 voet styg en tot 10,000 of 11,000 voet in Basoetoland, wat ook die ver- naamste waterskeiding van die land uitmaak. (1)

(b) Temperatuur.

Bykans die hele Hoëveldgebied val binne die 65° isoterm. Die gemiddelde jaarlikse temperatuur binne hierdie streek daal tot 55°F. (2) Stasies waarvan die gemiddelde temperatuur betroubaar is, is Johannesburg (Joubertpark) en Potchefstroom, dit wil sê, gegewens is hier al vir meer as 15 jaar gereeld aangeteken, Krugersdorp se gegewens is heelwat jonger. Die feit dat daar in werk- likheid 'n geringe verskil in die twee stasies se ge- middeldes is, en die gebied wat bestudeer word tussen

hulle/

(1) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid- Afrika, No. 25, 24.

(2) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid- Afrika, No. 24.

hulle lê, met feitlik geen afwykinge, maak die gegewens ook geskik vir dié gebied.

Gemiddelde maksimum (M) en gemiddelde minimum (m) in °F.

Johannesburg (Joubertpark), 26°11' S.B. en 28°22' O.L., hoogte 5,720 voet. (1)

Potchefstroom, 26°44' S.B., 27°05' O.L., hoogte 4,424 voet. (2)

(c) Temperatuuruiterses.

Maksimum temperature van 90°F. tot 95°F. kom dikwels voor gedurende die somermaande. Aan die anderkant gebeur dit dat lugtemperatuur onder vriespunt, soms so laag as 15°F. tot 10°F. ook voorkom. Tussen die maande April en Oktober, maar veral tussen die end van Mei en die middel van September. (3)

Die gemiddelde groeiseisoen vir die meeste gewasse en groente-soorte is hier dus sewe maande. Die bewoner kan dus slegs produkte lewer gedurende dié tye wanneer die mark gewoonlik goed voorsien is, gevolglik is die pryse dan ook laag. Gedurende die wintermaande wanneer pryse hoog is kan hulle egter niks op die mark bring nie, of slegs 'n paar soorte produkte.

(d) Ryp.

Die rypperiode strek dan ook van April tot Oktober. Ryp buite hierdie tydperk is uiters seldsaam. Ryp is dus moontlik vir ses maande van die jaar.

Die aantal dae waarop die temperatuur benede 32°F. daal, op 'n hoogte van vier voet bokant die grond, is baie minder as die aantal dae waarop daar ryp voorkom,

aangesien/


-
- (1) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No. 25, 27.
 - (2) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No. 28.
 - (3) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No. 25, 28.

	Jan.	Feb.	Maart	April	Mei	Junie	Julie
	M m	M m	M m	M m	M m	M m	M m
J'burg.	80 57	78 56	76 54	72 49	66 44	61 38	61 38
Potch.	85 60	83 58	80 56	76 48	71 39	66 32	66 31


	Aug.	Sept.	Okt.	Nov.	Des.	Jaar Gemid.
	M m	M m	M m	M m	M m	M m
J'burg.	67 42	74 47	78 53	78 54	79 56	72 49 (1)
Potch.	72 37	78 45	83 53	83 56	85 59	77 48 (2)

Diagramme; Skaal: 1 duim stel voor 40°F.

Johannesburg.



Potchefstroom.



aangesien dit 'n gewone verskynsel is, dat die temperatuur op vier voet bo die grond oppervlakte, twaalf grade hoër is, as op een duim tot twee duim van die grond af. Dus kom ryp op die grond veel meer voor en strek oor 'n langer tydperk. (1)

Hierdie faktor rig jaarliks groot skades aan. Dit gebeur dikwels dat die wintermaande so gematigd is, dat bome vroeg begin bot en dat mense vroeg begin met saaiery. Ontydige ryp rig dan baie skade aan. 'n Vroeë ryp in die herfs kan net soveel skade aanrig aan laat oeste. Hierdie wisselvalligheid verkort dan die eintlike groeiseisoen nog verder. Die groente- en vrugteboer kompeteer dus moeilik met die boer van die laeveld.

(e) Reënval.

Soos die diagramme duidelik aantoon val die gebied binne die somerreënvalstreek, terwyl winterreën- buie nie 'n seldsaamheid is nie. Die reëns gedurende die lente en vroeë somer gaan dikwels gepaard met hael, wat dan baie skade aanrig aan gesaaides en vrugte. Soos oor groot dele van die Unie, kom die grootste persentasie van die neerslag in die vorm van harde buie voor, sodat daar baie afloop waters is en die reënval nie altyd ten volle benut kan word vir landboudoeleindes nie.

Droogtes is nie 'n ongewone verskynsel nie en die gebied is periodiek onderhewig aan droogtes van ligte en ernstige aard.

Die reënval is so laag en daarby so wissel-
vallig dat geen bewoner daarop kan peil trek vir intensiewe
boerdery nie. Hoewel die reënval volgens die diagram
skynbaar/ ...



(1) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika
No. 25, 29.

Aangegee ag aantal duime per maand en totaal.

	Okt.	Nov.	Des.	Jan.	Feb.	Maart.	April.	Mei.
<u>Randfontein.</u>	2.16	4.04	4.38	5.18	3.95	3.57	1.22	0.65
<u>Welverdiend.</u>	2.03	3.81	4.02	5.22	3.73	3.52	1.60	0.57

	Jun.	Jul.	Aug.	Sept.	Totaal jaar.
<u>Randfontein.</u>	0.19	0.36	0.39	0.82	26.91
<u>Welverdiend.</u>	0.16	0.24	0.45	0.75	26.10

Diagramme; Skaal: 1 centimeter stel voor 1 duim reënval.



skynbaar goed versprei is oor die somermaande, gebeur dit baie dikwels dat die grootste deel van die reent binne 'n paar dae val, en die res van die maand baie min reent kry en 'n droogte toestand - veral vir groente-boerdery, heers. Ons kan dus hiervan aflei dat die boere noodgedwonge deur die jaar van besproeiing afhanklik is.

Tabelle van Reënval vir Randfontein en Welverdiend.

Randfontein (Goudmyn) $26^{\circ}10'$ S.B. en $27^{\circ}42'$ L.L.

Benaderde hoogte 5,784 voet. (1)

Welverdiend. $26^{\circ}22'$ S.B., $27^{\circ}18'$ O.L., benaderde hoogte 4,850 voet. (2)

5. Plantkundige aspekte van die gebied onder bespreking.

Die hele gebied onder bespreking besit 'n baie eenvormige plantegroei en kan bestempel word as die Grasveld.

Hoewel dr. W.J. Louw se ondersoek sover noord gestrek het as Bank, brei die gebied verder noord uit en sluit ook die Randfontein area in.

Die samestelling van die grasveld word selde gewysig deur die teenwoordigheid van bome, wat gewoonlik lae struik is en verspreid voorkom.

Die grasveld kan in twee duidelike tipes verdeel word nl.

(a) Die Klipveld, d.i. gemengde grasveld op klipperige en vlakgronde.

(b) Soetveld of Themedaveld, gekenmerk deur diep gronde waarop Themeda triandra dominant is. (3)

Die/

(1) Normaal van Reënval, 17.

(2) Normaal van Reënval 15.

(3) Louw, "An Ecological account of the vegetation of the Potchefstroom area", 35.

Die langdurige oplossing van die oorspronklike rots het gelei tot die akkumulasie van die onoplosbare horingsteen op steengruis, soms baie voete dik.

Soms kom die dolomiet ook op die oppervlakte te voorskyn. Die gronde is donkerrooi as gevolg van die roes van yster en mangaan in die grond. Hierdie soort gronde is volgens du Toit baie arm veral weens gebrek aan alkalië. Water dreineer oor die algemeen maklik in die dele en droogtes word hier gouer gevoel as in die soetveld dele.

(a) Klipveld.

Dit is opvallend dat in die Klipveld daar nie 'n bepaalde grassoort dominant is nie, 'n ryk verskeidenheid van spesies is verteenwoordig, waarvan die een nie die ander maklik verdring nie. (Fig. I).

Daar is plante teenwoordig wat absoluut verskillende watervereistes het. Die *Aristidas* (Steekgras) byvoorbeeld val onder die xerofitiesegroep, en is meestal goed verteenwoordig. Daar is die *Cymbopogons* wat onder die mesofitiese grasse val.

Ook is daar 'n groot verskil in die groeimetode van die verteenwoordigers. Sommige is geofiete, baie rank soorte, bossies en struikie waarvan sommige eenjarig en ander meerjarig is. Daar is ook 'n aantal sukkulente.

Hoewel die plantegemeenskap baie onstabiel is, bestaan daar min twyfel dat die heterogene voorkoms, die oorsaak is van fisiese- en tot 'n mate ook die chemiese, gesaardheid van die grond. (1)

Hoewel die plantegroei van die dolomietstreek ook in ander dele kan voorkom, is daar tog 'n paar spesies wat

beskou/ ...

(1) Louw, "An Ecological account of the vegetation of the Potchefstroom area", 35.

beskou kan word as kenmerkend van dolomietstreke.

Hulle is: Acacia Mellei en Bauhinia esculenta. Daar is veral drie grassoorte ook nl. Triraphis Andropogonoides, Pogonarthria Squarrosa en Eragrostis Gummiflua. Dit is wel moontlik dat gencemde drie grassoorte buite die dolomiet area mag voorkom. (1)

As 'n geheel lewer die grasse van die Klipveld swak weiding, behalwe gedurende die lente en vroeë somer. Die grootste aantal soorte is suurg rasse, waarvan die voedingswaarde en smaaklikheid vinnig afneem as dit begin ryp word. Normaalweg, bereik die veld sy hoogste weidingswaarde in November en Desember, waarna dit dan vinnig afneem. Bewoners van landbouhoewes beweer dan ook dat hulle bykans die hele jaar deur die koeie addisionele voer moet gee, wat in elk geval vanaf die einde Januarie begin Februarie moet gedoen word totdat die reëns val en die gras gegroei het in begin Oktober.

Ander tipiese grasse van die Klipveld is die volgende : die geslag *Andropogoneae* is goed verteenwoordig. Die spesie *Andropogon amplexans* is 'n breedblaar gras, en goeie weigras solank dit nog jonk is. *Schizachyrium semiberbe* is algemeen op die klipperige dele. *Cymbopogon* is ook taamlik. Die spesies hiervan wat verteenwoordig is, word na verwys as „stinkgras” wat ook nie graag deur vee gevreet word nie, veral weens die ruikende olies wat hulle bevat. *Trachypogon capensis* en *Hereropogon Contortus* word beskou as 'n pes weens die skerppuntige „sade” wat deur die vel van die diere steek. *Monocymbium Ceresiiforme* is 'n nikswerd-gras. Dieselfde geld vir *Elyonurus argentens*. *Themeda triandra* wat wel 'n goeie weigras is, is gewoonlik ook teenwoordig, maar

wyd/

(1) Louw, "An Ecological account of the vegetation of the Potchefstroom area", 35.

wyd verspreid en is nooit dominant nie.

Dan is daar ook verskeie spesies van *Alloteropsis*; *Panicum*, *Brachiaria*; *Digitaria*, *Rhynchelytrum*; *Setaria*; *Aristida*; *Tristachya*; *Loudetia*; *Microchloa*; *Eustachyn*; *Eragrostis*.

Eragrostis gummiflua, is 'n growwe onsmaaklike gras, is dikwels volop en soms selfs lokaal subdominant.

Eragrostis superba word graag deur diere gevreet maar kom baie yl verspreid voor. (1)

As die grassoorte buite rekening gelaat word, asook ander spesies wat streng tot ander gemeenskappe behoort, maar tog in enkele gevalle in die grasveld voorkom, is daar meer as 400 spesies wat 54 families verteenwoordig in hierdie plantegameenskap. Die grootste familie is die *Compositae*, dan volg die *Papilionaceae*, *Asclepidaceae*, *Cyperaceae*, *Liliaceae*, *Amaryllidaceae*, *Iridaceae*, *Orchidaceae* en *Leguminosae* as bekendste families. (2)

(1) Louw, "An Ecological account of the vegetation of the Potchefstroom area", 37.

(2) Louw, "An Ecological account of the vegetation of the Potchefstroom area", 37.

HOOFSTUK IV.ONDERGRONDSE WATERS.

Volgens Mnr. ter Meer, superintendent van die Wonderfontein waterskema het die Welverdiendoog, sedert 1925 van 20 kuseks afgekom tot 18 kuseks en die oog by Bank van 20 kuseks tot 17 kuseks. Die verklaring wat hy hiervoor van ingenieurs ontvang het, wil dat dit die effek sou wees van die myne aan die Wes-Rand, maar die herkoms van hierdie waters bly steeds duister.

Soos reeds daarop gewys is in die hoofstuk oor geologie, het die oog by Westonarea geweldig verswak nadat die myn die keerbank deurgewerk het. Die mynmaatskappy moet nou daagliks drie kuseks water in die besproeiingskanaal pomp, vir die hoewe eienaars. Met die uitleë van die West Rand Garden Estates Landbouhoewes, was daar genoegsaam water, van die oog ook afkomstig vir besproeiing. Tans met minder as die helfte van die hoewes bewoon, verkoop die Maatskappy nie verder van die hoewes nie, want daar is tans byna te min water vir die bestaande hoewes en hulle voorsien 'n besliste waterprobleem vir die toekoms.

Dit is egter net drie skemas wat van besproeiingskanale gebruik kan maak nl. West Rand Garden Estates (Westonarea), Waters' Edge (Oberholzer) en die Welverdiend landbouhoewes. Die oorblywendes is almal afhanklik van boorgate of putte.

Ou inwoners onthou nog goed dat met die uitleë van Wheatlands- en Bootha hoewes, daar in die begin veral van putte gebruik gemaak is. Die putte het meestal 'n maksimum diepte van 35 voet gehad. Gewoonlik het die put vol water opgestoot, en in sommige gevalle selfs

uitgeloop/ ...

uitgeloop. Die putte het plek gemaak vir boorgate van 75 voet en meer. Hierdie boorgate kan tans ook nie meer voorsien in alle behoeftes nie. Die persoon wat 'n goeie tuin wil aanhou en 'n aantal vrugtebome, moet selfs so diep as 150 voet en meer laat boor om sterk water te kry.

Panne in die omgewing, wat in die laat dertiger jare nog waterhoudend en moerasagtig was, is vandag dorre gebiede, wat slegs na swaar reëns 'n bietjie water hou, maar wat ook gou weer wegsak of verdamp.

Die sukses van die landbouhoewes hang ongetwyfeld in die eerste plek af van die watervoorsiening. Bogenoemde feite toon dus onomstootlik dat die toekoms van hierdie landbouhoewes, wat hulle watervoorsiening betref nie rooskleurig is nie.

Deurgrondelike navorsing sedert 1930 is deur Prof. J.J. Theron, professor in Landbouskeikunde, Landbou Navorsingsinstituut, Pretoria, gedoen en die toepassing daarvan op die Randfontein area, sal 'n nog duideliker beeld gee van die kwynende toestand van die ondergrondse waterbronne.

Die probleem bestaan nie net alleen in die gebied wat nou bestudeer word nie, maar het 'n nasionale probleem geword. Die toename in die aantal boorgate wat ingee of al dieper en dieper geboor moet word, is onrusbarend. Die aantal boormasjiene wat daaglik nog werkzaam is, en die lang wagtende lys van name, vir die onversadigbare aanvraag na nog meer en meer gate behoort vir ons 'n vingerwysing te wees dat ons ongetwyfeld besig is om 'n beperkte voorraad onderaardse waters uit te put teen 'n snelheid wat die aanvulling ver oorskry. Hierdie voorraad is deur baie eeue opgebou en op bepaalde plekke geakkumuleer en vandag word net na die regte aar gesoek.

Die/

Die geleidelike verswakkinge van die onder-aardse waterbronne wat sedert die begin van die eeu al-reeds merkbaar is, kan klaarblyklik nie aan die teorie van vermindering van die reënval toegeskryf word nie (soos onder Reënval aangetoon is). Hierdie feit is egter al-reeds in 1923 deur die Droogte-Ondersoekkommissie (Finale Rapport van die Droogte-Ondersoekkommissie, Oktober 1923, Unie van Suid-Afrika) gekonstateer. (1)

Waterbeweging in die grond.

Dit is verbysterend watter wanbegrippe daar algemeen bestaan oor die beweging van water in die grond. Ten spyte van die duidelike aanduidings dat kapillêre beweging van water in die grond maar baie gering kan wees, is die idee tot onlangs toe nog gehuldig dat water van diep-af deur dun buisies wat daar tussen die grondkorrels sou bestaan, opgesuig kan word om van die oppervlakte af te verdamp.

Die wetenskap het hierdie dwaling vandag egter al ontgroeï. Daar bestaan egter nog die idee dat water onderaards in vloeiende strome of "are" oor lang afstande sou beweeg en in onbeperkte hoeveelhede. (2)

Dit is tog baie duidelik dat die versperrings van die grond en rotsformasies soiets nie sal toelaat nie, maar dat beweging uiters stadig gaan. Die formasie dien dan eerder ook as walle waarteen die water opdam. Trouens, normaalweg kom die water ondergronds dan ook in die vorm van "damme" wat deur syferwater van bo af deur reënwater aangevul word. Uit hierdie damme gaan water feitlik alleen verlore deur fonteine waar die vol damme op die laagste plekke oorloop.

Die/

-
- (1) Theron, J.J. Lysimeterproewe, Wetenskaplike pamflet No. 288, I.
 - (2) Theron, J.J. Onderaardse Waters, pamflet, Deel I kolom 4.

Die naaste wat aan „are" gekom word, is die nate, barste en skeure wat in die gebroke rotsformasies voorkom. Hulle staan vol water en waar 'n boorgat dan so'n naat tref, sal die water natuurlik in die naat aanvloei soos gepomp word. (1)

Dit is egter duidelik dat die water van die aarwater is wat in die omgewing of nabyheid van daardie gat gevul het, ingesak en in die dam opgegaan het oor 'n tydperk van eeue.

Daar moet toegegee word dat die toestande in die aardkors, onder die oppervlakte wissel van plek tot plek, as gevolg van die geologiese verstorings wat rots-massas deur die eeue ondergaan het. Daar kom wel gevalle voor waar water oor groot afstande deur barste of skeure gedra word, in dolomiet formasies waar grotte gevorm word. Dit is moontlik dat daar selfs onderaardse riviere op hierdie wyse gevorm mag word, (2) soos die geval blyk te wees met die Mooirivier en Wonderfonteinlope, maar dit is die uitsondering.

Prof. Theron beweer dat in die oorgrote meerderheid van gevalle, die water wat 'n boorgat lewer, binne 300 tree straal vanaf daardie gat afkomstig is, d.w.s. in hoeveelhede wat van enige praktiese belang is. Origens word die water getrek uit 'n „dam" van beperkte kapasiteit wat definitief leeggepomp kan word. Die standhoudendheid en kapasiteit van so'n gat sal dus afhang van die hoeveelheid water wat toegelaat word om af te sak in hierdie omgewing om die dam weer aan te vul. (3)

Daar/

-
- (1) Theron, J.J. Onderaardse Waters, Pamflet, Deel I, Kolom 4.
 - (2) Theron, J.J. Onderaardse Waters, Pamflet, Deel I, Kolom 4.
 - (3) Theron, J.J. Onderaardse Waters, Pamflet, Deel I, bladsy 2, kolom I.

Daar is gevind dat na die winter, veral na 'n droë nasomer, daar ongeveer 4 duim reën nodig is op sandgrond om die bogrond, dit is die boonste vier voet (waarin gewone plantegroei hulle water onttrek) nat te maak, voordat daar enigiets moontlik tot die onderaardse waters bygevoeg sal word. Vir leemgrond is dit ses duim en swart turfgrond agt duim. Dit is egter hoeveelhede wat moet insak en in die grond bly. Wat afloop en intussen deur plante gebruik word en ook wat verdamp, moet nog bykom. (1)

Onder die droë, warm klimaat van die gebied onder bespreking, is verlies deur verdamping en die reënval van so'n aard dat die plante tussen die buie genoegsaam geleentheid kry om die water wat insak op te suig en deur transpirasie die lug in te stuur. Uit die aard van die saak dus moet verwag word dat die onderaardse waters jaarliks maar karig aangevul word.

As die gegewens, wat verkry is deur Prof. Theron van sy Lysimeterproewe, toegepas word vir die omstandighede, vir deursyfering van reënwater, soos dit aangetref word in die area wat ondersoek is (Randfontein), sal ons vind dat slegs 0.77 duim van die jaarlikse reënval deursyfer op 'n land onder mielieverbouing. (Mielies is die enigste gewas waarvoor proewe uitgevoer is). Hierdie 0.77 duim is 2.6% van die totale jaarlikse neerslag, wat uitloop op 37,000 gellings per morg jaarliks. Hierdie water syfer deur alleen in die vroeë lente of laat herfs en winter, wanneer daar geen aktief-groeiende gewasse op die grond staan nie. Dit is moontlik vir 'n gewone windpomp om gedurende 'n winderige maand hierdie water in een maand

uit/ ...

(1) Theron, J.J. Ondersaardse Waters, Pamflet, Deel I, bladsy 2, Kolom I.

uit te trek - soos aangetoon onder "Besproeiing". Gewoonweg sal syferwater oor nie meer as drie morge 'n boorgat aanvul nie, soos vroeër aangetoon. Dit gee dan 'n maksimum moontlikheid van drie maande van die jaar wat die windpomp op syferwater trek. Die orige tyd word uit beperkte reserwes geput. 'n Olie- of elektriese pomp kan volgens vereistes dus nog baie meer uitpomp.

Mnr. G. Thompson "Director of Land and Homes (Pty.), Ltd.," het in 1948 voor 'n Administrateurskommissie (Douglas-kommissie) gesê dat in verband met die kleinhoewes in Australië, Kanada en die Verenigde State van Amerika, hy die afname van ondergrondse waters, as gevolg van uitpompings nie as gevaarlik beskou nie, aangesien die meeste water weer hulle weg terug vind na die ondergrondse waters. (1) Dit is egter 'n valse toepassing vir die Unie, want al sou daardie 0.77 duim wat oor drie morge wegsak, uitgepomp word, sou dit slegs die effek van 2.31 duim reënval gehad het. Al sou geen water afloop nie, en verdamping weens digte plantebedekking tot 'n minimum beperk wees, sal daar van hierdie hoeveelheid deur die jaar niks deursyfer nie. Ook baie min van die addisionele water wat uitgepomp word sal hulle weg terug vind.

Besproeiing vind alleen plaas wanneer dit droog word; dus sal die plante geen water toelaat om deur te syfer nie. Dit is tog baie duidelik in die tabelle dat die plante baie meer water nodig het as wat hulle normaalweg deur die reënval ontvang. Dit sal gereelde besproeiing kos, om voldoende te voorsien. Bewoners wat groot

dele/ ...

(1) "Report of Commission of Inquiry appointed to enquire into the Subject Matter of a Draft Ordinance to control the subdivision of Farm land and Agricultural Holdings". 10.

dele van hulle hoewe besproei erken dat hulle nie kan besproei soos vereis word nie.

Die landbouhoewes wissel van een tot vyf morg - en soms meer - groottes, met 'n gemiddelde van ongeveer twee morge. In die begin is reeds aangetoon met watter rasse skrede die waterproduksie van die boorgate van die ouer hoewes die afgelope vyftien jaar afgeneem het. Ouer inwoners wat oplettend is, kon die geleidelike afname duidelik waarneem. Selfs is gevind dat, as dieper boorgate geboor word, dit ook die invloed op die reeds bestaande diep boorgate het.

Die volgende aanhaling uit 'n verslag van mnr. J.M.J. van Rensburg, Hoewe 109, Middelvlei, is 'n sprekende voorbeeld: "Ek het £1,000 spandeer aan boorgate, windpomp, masjiene en damme vir die water, maar ek vind dat die water al swakker en swakker word omdat daar al meer en meer boorgate in hierdie omgewing geboor word. Ek vrees vir wat later kan gebeur. Ek sal weer moet laat boor as ek wil aanhou met die (blomme en vrugte) soort boerdery".

Mnr. J. Balt, hoof van die Wheatlands skool - woonagtig op Wheatlandshoewes - rapporteer soos volg: "Die water is skaars, die meeste maak gebruik van windpompe om die water uit te kry, en het dan 'n opgaardam. Omdat die watertafel so geweldig gedaal het die afgelope 10 jaar - ek reken $\pm$ 50 voet - kan die windpompe nie die nodige hoeveelheid water lewer nie. Die boorgate is gemiddeld van 100 tot 120 voet diep. Die paar gate wat so sterk water het dat olieenjins opgesit kan word is naby 200 voet." Soos reeds in die begin aangetoon, kan die geweldige afname van die watervlak nie aan die windpompe en enjins alleen toegeskryf word nie. Die myne - veral Venterspostmyn - het bepaald 'n baie belangrike rol in hierdie/ ...

hierdie opsig gespeel.

Reeds in 1943 het boorgate aan die suidelike dele van die Oos-Rand begin opdroog (bv. Vogelfontein). (1)
Die Theron-kommissie het ook baie klem gelê op die feit dat ondergrondse waters 'n beperkende faktor is. (2)

In die lig van hierdie besprekings en duidelike getalle is dit baie duidelik dat hier 'n tragedie aan die afspeel is, waarvan die einde baie noodlottig sal wees. Die Staat sal met hierdie probleem opgeskeep sit. Hierdie einde is ook nie baie ver nie, tensy die bewoners baie spaarsaam water - net vir huislike gebruik - sal uitpomp. Maar van water lei op 'n morg grond of meer - soos by baie die geval is - is daar nie sprake nie. As sake dus sover ontwikkel het, dat slegs vir huislike gebruik water gepomp mag word, dan mis die landbouhoewe sy doel geheel-en-al en is ons terug in die stad of dorp.

-
- (1) Verslag van die komitee belas met die Landboukundig-Sosiologiese ondersoek van perseeluitbreiding aan die Oos-Rand, November - Desember 1943, 13.
 - (2) Verslag van die komitee belas met die Landboukundig-Sosiologiese ondersoek van perseeluitbreiding aan die Oos-Rand, November - Desember 1943, 13.

L.W. Voortaan sal na hierdie Kommissie verwys word as die: „Theron-kommissie“.

HOOFSTUK V.DIE KULTUURLANDSKAP.1. Kortbegrip van 'n Kultuurlandskap.

Bryan se opvatting in verband met die kultuurlandskap is vir my baie aanneemlik en die beskrywing van die gebied geskied dan ook hoofsaaklik volgens daardie patroon. Hy vat die probleem soos volg saam.

"An analysis of the cultural landscape as the concrete or objective expression of the process of adaption in which man has modified his natural habitat, and the natural habitat has in turn modified his activity". (1)

Fundamenteel vind alle menslike aktiwiteite plaas vir die voorsiening van menslike behoeftes, en nie soseer volgens die kontrolerende invloed van die omgewing nie. Die aanvraag is gewoonlik om te voorsien in die drie basiese behoeftes van die mens naamlik, voedsel, beskutting en kleding. Sekondêre belange is, politiek, ontspanning en estetiese genot. (2)

Daar vind altyd 'n wederkerige invloed plaas: mens op omgewing en omgewing op die mens. Dit is die werklike proses van aanpassing.

Die natuurlike elemente is landvorme, rotsstruktuur, klimaat, plantegroei en dierelewe. (3) Die resultaat kom as gevolg van die menslike aktiwiteitskompleks. Die uitgangspunt moet wees, soos gesien van die menslike aktiwiteit en verandering. Dit is dan ook die waarneming en uitdrukking van die natuurlike landskap.

Die/ ...

(1) Bryan: "Man's adaptation of Nature", 12.

(2) Bryan: "Man's adaptation of Nature", 12.

(3) Bryan: "Man's adaptation of Nature", 13.

Die studie van die natuurlike landskap is in sy wese anatomies en fisiologies. Die strukturele kenmerke van die landskap - huise, lande, spoorweë, paaie, ens. - is die anatomie, terwyl die groeiende graan bewegende diere, saai en oes, beweging van gemeenskappe, proses van die vervaardiging, spele en die mens self weer is deel van die fisiologie. (1)

Die kulturele eenheidselemente wat verantwoordelik is vir die ontstaan van die kultuur landskap is byvoorbeeld, lande, geboue, drade, paaie, graan, vee, die mens, ens. Natuureenheid-elemente wat saam werk is byvoorbeeld, bosagtige of grasbedekte hange, 'n riviervlakte, kaal rotsagtige dele, moerasagtige plat dele, woude, geilgrond goed vir bewerking, goeie fondament vir geboue of nie ens. (2)

2. Verband van die Gebied onder waarneming tot sy omgewing.

Die gebied lê in die goudgordel van die Wes-Rand en verder wes tot by Welverdiend. Dit is dus duidelik dat die landbouhoewes nou verwant is aan myne. Die landbouhoewes sou nie ontstaan het nie, was dit nie vir die goudmyne in die omgewing nie. Wat 'n behuisingsprobleem laat ontstaan het, en ook die vraag na landbouprouduksie laat vermeerder het.

Die algemene voorkoms van die landskap is dus die van werkende myne met skagtorings, geboue en mynhepe, met 'n myndorp of dorpie daarby. Daarby lê die landbouhoewes sonder planmatige uitlegging, om die dorpe verspreid, tot sover as 12 myl van die besigheidssentrum geleë, bv. Rikassrus en Vleikop vanaf Randfontein.

Groot areas - hoofsaaklik myngronde - lê onproduktief en word slegs deur die perseelbewoners gebruik as

weiding/ ...

(1) Bryan: "Man's adaptation of Nature", 17.

(2) Bryan: "Man's adaptation of Nature", 127.

weiding vir hulle diere. Boereplase word ook gevind, hoofsaaklik aan die noordekant van die gebied, met enkeles verspreid tussen die myngebiede. Die besproeiings-skemas van die twee Wonderfonteinlope is digbewoon, met die opstalle al langs die kanale gerangskik.

Landboukundig regverdig die gronde, klimaat en watervoorsiening nie so 'n ontwikkeling nie. Dit geld selfs vir Welverdiend en Waters' Edge landbouhoewes ook. Alhoewel by hierdie skemas gebruik gemaak word van besproeiing, is die bewoners geensins instaat om daarop 'n bestaan te maak nie, want die hoewes het 'n gemiddelde grootte van 2 morges. Boere op die aangrensende 10 morges kleinplase onder dieselfde besproeiingsskema, maak ook reeds 'n sukkel bestaan. Vyr' uit die honderd eienaars wat besoek is, boer voltyds op die hoewes. Daar is besonder moeite gedoen om sulke gevalle raak te loop. In werklikheid sal die persentasie op die totaal minder wees. Hierdie boere word gedwing om intensiewe boerdery toe te pas, d.i. groente, blomme, vrugte, hoenders en melkery. Die afsetgebied in die onmiddellike omgewing stimuleer hierdie soort boerdery.

3. Aktiwiteite van die perseelbewoners.

Ondersoek het aan die lig gebring dat die landboupersele slegs dien as 'n woongebied, sonder die beheer, fasiliteite en verpligtinge wat in 'n dorpsgebied voorkom.

Die volgende tabel toon aan dat die groot meerderheid salaristrekkers is, in verskillende beroepe. Ook maak pensioenarisse gebruik van die landbouhoewes vir 'n sitplek. Uit 100 persone wat ondervra is, is die volgende gegewens verkry:

A. Mynwerkers/ ...

Diagramme; Skaal; 1 duim stel 10% voor.

- A. Mynwerkers.
- B. S.A.S.
- C. Messelaars.
- D. Pensioenarisse.
- E. Boere.
- F. Onderwysers.
- G. Klerke.
- H. Sakemanne.
- I. Skrynwerkers.
- J. Bouaannemer.
- K. Konstabel.
- L. Grofsmit.
- M. Blokman.
- N. Werkloos.

- A. Myn.
- B. Boer.
- C. Ambag.
- D. Spoorweë.
- E. Fabrieke.
- F. Besighede.
- G. Pensioen.
- H. Leër en ander.

A. <u>Mynwerkers.</u>	B. <u>S.A.S.</u>	C. <u>Messelaars.</u>	D. <u>Pensioenarisse.</u>
41	15	14	6
E. <u>Boer.</u>	F. <u>Onderwysers.</u>	G. <u>Klerke.</u>	H. <u>Sakemanne.</u>
5	3	3	3
I. <u>Skrynwerkers.</u>	J. <u>Bouaannemer.</u>	K. <u>Konstabel.</u>	
2	1	1	
L. <u>Grofsmit.</u>	M. <u>Blokman by Slagter.</u>	N. <u>Werkloos.</u>	
1	1	1	

Vir die Oos-Rand is die volgende gegewens verkry. (1)

A. <u>Myn.</u>	B. <u>Boer.</u>	C. <u>Ambag.</u>	D. <u>Spoorweë.</u>	E. <u>Fabrieke.</u>
35%	18%	14%	5%	2%
F. <u>Besighede.</u>	G. <u>Pensioen.</u>	H. <u>Leer en ander.</u>		
4%	6%	15%		

Die grootste aantal van die messelaars is egter ook aan die myne verbonde, terwyl die persentasie van die onderwysers beslis kleiner sal wees ten opsigte van die totale aantal bewoners, omdat hulle spesiaal uitgesoek is vir ondervraging en sodoende waardevolle gegewens te bekom.

Van hierdie ondervraagde persone is daar slegs 15 wat iets produseer om van die hand te sit - dit sluit die paar wat voltyds boer uit. Almal saam getel is daar 71% wat tuinmaak en tot 'n mate in hulle eie behoeftes aan groente en vrugte voorsien. Die kaarte wat van die individuele hoewes opgestel is, dui hierdie aspek duidelik aan. Hierdie persone bewerk ook slegs hulle persele gedeeltes (sien kaarte). Die hoofbeperkende-faktor in hierdie opsig is die natuurlike landskap. Weens gebrek aan water is dit onmoontlik om die hele perseel doeltreffend te besproei. Die swak gronde het al meer as een perseel-bewoner moedeloos gemaak. Die volgende uitdrukking word algemeen/ ...

algemeen gebruik en is ook 'n duidelike weergawe van die werklike toestand: „Pasop om nie te veel grond by die mis te laat kom nie“. Daarom word daar so baie hoewes gevind wat eenvoudig aan verwaarlosing oorgegee is. Figure 14 en 15 toon dit baie duidelik aan.

Gemiddeld hou die bewoners 2 koeie aan, terwyl daar maar 64% van die inwoners is wat koeie besit. In enkele gevalle is daar wat nog 'n paar donkies ook aanhou. So word ook 66% gevind wat hoenders aanhou waarvan slegs 2 meer as 500 het. Die gemiddelde is 47 hoenders.

4. Ander Kultuureenhede.

(a) Behuising:

(i) Blankebehuising.

Daar is nie moeilikheid om goeie fondament vir die bou van huise te verkry nie, ook is die helling deurgans so klein dat daar min uitgrawings of opvullings gemaak moet word. Dus 'n fondament kan betreklik goedkoop en maklik gelê word. Daar word egter die grootste mengelmoes van huise aangetref wat denkbaar is. Dit kom baie voor dat 'n huis wat skaars £200 gekos het om te bou, langs 'n huis van £2,000 staan. Die beraamde aantal huise wat £1,500 en meer werd is, is 9%. (Foto 2).

Hierdie gegewens is verkry van die kaarte wat opgestel is.

Die beraamde aantal huise wat meer as £800 werd is, is 49%. (Foto 3).

Die beraamde aantal wat minder as £800 werd is (meestal platdakhuisies), is 38%. (Fotos 4 en 5).

Naturelle bewoning beloop alleenlik, 4% van die bewoonde hoewes.

Daar sal 'n verkeerde indruk verkry word as die gemiddelde persentasie huise vir die skemas gegee word, aangesien die skemas nie in dieselfde jaar uitgegee is nie
maar/

maar streek van 1934 tot einde 1951. Op sommige van die jongste skemas is nog geen huis of bewerking opgemerk nie.

Die Elandshoewes is egter die digste bewoon van al die skemas met 93% (sien kaart van Elandshoewes). Terwyl Wheatlandshoewes 75% bewoon is en Boothia 66% (sien kaarte van Wheatlands en Boothia-hoewes). So verminder die aantal totdat daar 'n paar is waar nog slegs 'n geringe aantal huise gebou is bv. Ooster met 5 huise, waarvan slegs een bo £800 kan wees die ander 4 is platdakhuisies, Avalonia 5, en Eldorado uitbreiding No. I met slegs 4 platdakhuisies (sien individuele kaarte). Middelvleihoewes besit die grootste persentasie huis bo £1,500 nl. 17% en 36% bo £800, 42% onder £800 en 4% wat slegs deur naturelle bewoon word (sien kaart van Middelvlei).

Die regulasie bepaal dat die buitegeboue saam met die woonhuis opgerig moet word. Dit het in baie gevalle gebeur dat 'n platdakhuisie opgerig is, saam met die motorhuis. Laasgenoemde is egter spoedig as deel van die huis gebruik. (Fotos 6 en 7).

Nog 'n afwyking is gevalle waarvan die buitegeboue gebruik gemaak word om as woning verhuur te word. (Foto 4). In sommige van die ouer skemas, bv. Middelvlei, Wheatlands ens. het dit gebeur dat meer as een woonhuis op 'n enkele hoewe opgerig is, en deur verskillende families bewoon word.

Die algemeenste verskynsel in die oprigting van die huise is, dat die bewoner self sy huis in die spaartyd bou. Dit is een rede waarom daar so baie, vierkantige platdak geboutjies opgerig word. Dit gebeur dat die buitemure klaar gebou is, terwyl binne nog slegs een of twee vertrekke klaargemaak word, solank daar net 'n dak oor die kop is. Tans is daar 'n hele aantal gevalle waar
daar/

daar een, twee of meer vertrekke reeds voltooi is, waarin die gesin woon, terwyl die res geleidelik aangevul word, soos van tyd tot tyd geldjies afgeknyp kan word. (Fotos 8 en 9).

'n Volk word gebou in die huis en huisgesin'. Op die Internasionale Konferensie vir Behuising ten Suide van die Sahara - gehou gedurende November 1952 te Pretoria - is hierdie waarheid weer telkens beklemtoon. Die toestand op 'n groot aantal persele is onrusbarend. Die leefswyse van die mense gee die indruk van plattelandse agterbuurte. In geen van die omliggende dorpsgebiede is sulke onhigiëniese en swak toestande aangetref nie. Die dorpsinwoners handhaaf oor die algemeen 'n hoër lewensstandaard. Die idee: "Ek kan hier bak en brou soos ek wil", het beslis 'n ongesonde uitkyk op sake gegee. In die strewe om goedkoper te lewe, is nie alleen dorpsgeriewe prysgegee nie, maar ook baie selfrespek.

Tog kan met hoë lof gepraat word van seker net soveel of miskien meer van die inwoners wat wel probeer om verbeterings aan te bring.

Volgens mnr. Payne, hoofgesondheidsinspekteur van die munisipaliteit van Randfontein, het die bewoning van die hoewes in sekere opsigte om gesondheidsredes gevaarlik geword, (1) dit geld veral ten opsigte van sanitêre geriewe. Daar is nog maar enkele huise waar van 'n dreinerings-stelsel gebruik gemaak word. Hoofsaaklik bestaan die putstelsel daar. Vir naturelle is daar dikwels geen geriewe aangebring nie.

(ii) Naturelle behuising.

Op 55% van die persele is voorsiening gemaak vir Naturelle behuising. Ook dié wissel van sinkpandokkies tot netjiese steengeboue. (Fotos 10 en 11).

(1) Randfontein Municipality: Alteration of Boundaries. Report of Proceedings of Commission, Vol. I, 25. Die/...

Die foto toon duidelik aan hoedat in sommige gevalle saamhokking al plaas gevind het. Die ses eenhede word dan ook deur ses gesinne bewoon.

4% van die bewoonde hoewes word deur naturelle bewoon.

(iii) Ander geboue.

In baie gevalle staan daar slegs die woonhuis op 'n hoewe, terwyl in ander gevalle weer net die buitegeboue, veral 'n motorhuis wat as deel van die woonhuis aangebou is, aangebring is. (Figure 2 en 3).

Daar is egter vir die persele wat ondersoek is 34% wat een of meer koeistalle op het. 54% het een of meer hoenderhokke. 51% het stoorkamers, terwyl op 30% varkhokke aangebring is. In sommige gevalle bestaan bogenoemde geboue slegs uit sink maar is meestal met stene of klippe opgerig.

Van besigheids-, fabrieks- of myngeboue is daar egter geen sprake nie, aangesien die regulasie bepaal dat daar geen besigheidsgeboue op die persele aangebring mag word nie. Daar is 'n enkele uitsondering op die West Rand Garden Estates, waar een van die Portugese wat daar groente produseer 'n winkel het. Hy verkoop daar egter ook groente en vrugte wat hy elders op die mark koop en nie op sy perseel kweek nie.

In twee gevalle is daar skoolgeboue opgerig nl. op Middelvlei en Wheatlands. Beide is laerskole met al die nodige buitegeboue daarby. Vir sulke voorregte is daar egter in die regulasies voorsiening gemaak.

(b) Paaie.

Volgens die bepalings vir die uitlê van hoewes, is geen persoon of liggaam verantwoordelik vir die onderhoud van die paaie verbonde aan die hoewes nie. Gevolglik is die paaie in 'n treurige toestand. (Foto 12).

Die/ ...

Die jongste tyd het die Munisipaliteit van Randfontein 'n poging aangewend om die paaie van die hoewes wat belasting betaal, te skraap, dit is; Bootha, Elands, Wheatlands en Middelvlei. Verder is slegs die roete van die Greyhound busdiens in die volgende hoewes geskraap; Rikasrus en Vleikop (hoofpad tussen die twee genoemde hoewes). Origens moet die paaie eenvoudig deur die bewoners uitgery word. Sodra die pad te sleg word, word langsaan weer 'n pad „aangelê“. (Foto 12).

(c) Telefoondienste.

Telefoondienste bestaan nog slegs vir 'n paar bevoorregtes bv. die hoofde van skole.

(d) Elektrisiteitsvoorsiening.

Daar bestaan nog geen algemene elektriese voorsiening nie. Hoewel eienaars van die aangrensende skemas, herhaalde vertoë tot die Stadsraad van Randfontein gerig het, vir kragvoorsiening, kan die Raad nog nie sy weg oopsien vir so'n skema nie. Die onkoste daaraan verbonde sou egter veel meer wees as die inkomstes. Alle bewoners wil ook nie krag hê nie, wat die saak nog verder bemoeilik. Nogtans is in 1952 'n skema vir elektriese voorsiening teen 'n beraamde koste van £60,000 vir die hoewes binne die munisipale area goedgekeur. Die Raad kan tans - weens die strenge beheer op lenings - nie die nodige lening kry nie. Ook is die Elektrisiteits Voorsieningskommissie tans nie in staat om die addisionele krag aan die Stadsraad te voorsien nie. Die skema sal dus nog 'n paar jaar agterweë gelaat word.

Intussen het daar egter 7 persone op Wilbotsdal landbouhoewes, met toestemming van die Munisipaliteit maar op eie onkoste (£30 elk) kragdrade aangelê vanaf die aanliggende munisipale drade van Randgate. Hulle staan

verder/

verder onder dieselfde verpligtinge as die dorpsbewoners wat kraggebruik betref.

Ook 'n gedeelte van Bootha- en Elandslandbouhoewes ontvang krag. Dit het gevolg op 'n skema wat uitgelê is deur 'n fabriek wat op die grens van die munisipaliteit opgerig is. Dit het die fabriek £800 gekos. Die munisipaliteit het die aanleg moes doen en het nog £200 meer spandeer om sodoende krag te verskaf aan persele wat langs die hoof kragdrade geleë is.

(e) Watervoorsiening.

'n Kenmerkende kultuur landskapsverskynsel is die aantal windpompe wat opgerig moes word vir die watervoorsiening. Dan wissel dit ook van die ou windas-metode tot die moderne elektriese waterpompe, waarvan daar slegs 'n paar op die Wilbotsdal landbouhoewes te sien is.

Die tabel gee 'n indruk van die metodes waarop water vir gebruik verkry word, op die bewoonde persele. 11% putte, 12% het geen water en 87% boorgate. Hier word 'n uitsonderlike geval soos Pelzvale-skema gevind. Uit 26 bewoonde hoewes maak 10 nog van putte gebruik, teenoor 'n hele paar skemas waar geen putte gevind word nie. Dikwels word egter gevind dat 'n windpomp of selfs 'n enjin op 'n put aangebring is. Omgekeerd is 'n windas met silinder by 'n boorgat aangebring.

By hierdie persentasies is uitgesluit die hoewes van Waters' Edge, Welverdiend en West Rand Garden Estates. Eersgenoemde twee maak vir alle doeleindes slegs gebruik van die waterkanaal. Terwyl in laasgenoemde die stadsraad van Westonarea hoewes 2 tot 23 by die stadsraads-waterskema ingeskakel het. Die res is ook weer op die kanaal aangewese. Op hoewe 44 is weer 'n windpomp.

Op/

Diagramme; Skaal: 1 duim stel voor 10%.

1. Windpompe.
2. Enjins.
3. Handpompe.
4. Windas.
5. Elektriese motor.
6. Geen.

1. Boorgate.
2. Putte.
3. Handpompe.
4. Windpompe.

Op die ander skemas is voorsiening soos volg versprei.
(sien kaarte).

1. <u>Windpompe.</u>	2. <u>Enjins.</u>	3. <u>Handpomp.</u>	4. <u>Windas.</u>
65%	8%	5%	9%
5. <u>Elektriese Motor.</u>	5. <u>Geen.</u>		
$\frac{1}{2}\%$	12%		

Die Theron-kommissie het die volgende gegewens vir die Oos-Rand verkry. (1)

1. <u>Aantal boorgate.</u>	2. <u>Aantal putte.</u>
35%	53%
3. <u>Aantal handpompe.</u>	4. <u>Aantal windpompe.</u>
15%	42%

Die geringe aantal putte wat in die Randfontein area gevind word, is toe te skrywe aan die feit dat die watertafel hier reeds baie gesak het, soos vroeër aangetoon.

(f) Omheining.

Slegs 5% van die bewerkte persele is gedeeltelik of glad nie omhein nie. Die onbewerkte persele is nie omhein nie, met 'n paar uitsonderinge.

Daar word hoofsaaklik van doringdraad gebruik-gemaak vir omheining, terwyl in baie gevalle ook van ogiesdraad gebruik gemaak word. Ysterpale word in meeste gevalle gebruik vir die ankerpale en hoofpale met hout paaltjies tussen in.

Selfs aan die toestand van die drade kan afgelei word dat die meeste bewoners nie hoë vereistes aan die voorkoms van hulle persele stel nie. Die drade is oor die algemeen baie pap en gee 'n algemene indruk van verwaarlosing. Daar word vrylik oor en weer deur die drade geklim. Dit is veral die naturelle wat in hierdie opsig oortree.

(g) Gronde./

(1) Theron-kommissie, 30.

(g) Gronde.

Die gronde wissel baie wat die struktuur betref. Dit wissel van klipperig tot fyn leemgrond. Sandgrond maak egter die grootste deel van die hoewes uit. Die ondergrond bestaan meestal uit gruisagtige gronde en ook uit sand, selde word 'n vaste klipbank of turfgrond aangetref. Tog word in die meeste skemas dele gevind wat baie klipperig is, veral in die geval van die Wilbotsdal- en Waters' Edge skemas, bestaan feitlik die helfte van die skemas uit klipperige grond, wat baie min werd is.

Deurgaans kla die eienaars dat die grond baie skraal is. Die gronde is baie arm aan fosfate en selfs ook nitrate wat deur swaar kunsmis toevoegings aangebring moet word. Ook is daar 'n groot gebrek aan humus in die grond, die word gewoonlik in die vorm van kraalmis in die grond gebring. (Sien Bemesting).

Een van die grootste probleme is die suurheid van die grond, wat nie alleen die natuurlike plantegroei affekteer nie (sien plantegroei), maar ook die gewasse wat gesaai of geplant word. Die algemene gebrek aan alkalië maak die grond arm.

As gevolg van die sanderige geaardheid en gruisagtige ondergrond, dreineer water oor die algemeen maklik in die dele en droogtes word hier gouer gevoel as in dele met 'n vaster struktuur.

Die kleur van die grond wissel van vaal tot donkerrooi. Donkerrooi gronde is egter dominant as gevolg van die roes van yster en mangaan, swartgrond kom selde voor en dan hoofsaaklik in die vleierige dele.

Diagram; Skaal: 1 duim stel 10% voor.

- A.  Hele perseel.
- B.  $\frac{1}{2}$ en meer maar nie hele perseel nie.
- C.  $\frac{1}{4}$ - $\frac{1}{2}$ van die perseel.
- D.  $\frac{1}{4}$ en minder - sluit ook in geen bewerking.

AFDELING B.BESONDERE STUDIE.HOOFSTUK VI.LANDBOUKUNDIG:1. Inleidend.

Soos alreeds aangetoon, is die boerdery nie hoofsaak by hierdie mense nie, terwyl die oogmerk met die wetgewing tog boerdery, op klein skaal en as aanvulling van die salaris, ten doel gehad het. Die persele word tans hoofsaaklik as woonbuurte gebruik. Maar as woonbuurtes is die persele te groot, dit het ongelukkig 'n verkeerde wending geneem en is vandag onhanteerbaar; nl. vir die Stadsraad, Raad vir Britestedelike Gebiede asook vir die gereg.

Weens die swak ekonomiese toestand van die grootste aantal bewoners sal hulle graag hulp van die regering wil ontvang, hoofsaaklik in die vorm van lesings of subsidies veral ten opsigte van: watervoorsiening, boorgate, windpompe of enjins, pype en damme; verder ook tot 'n geringer mate vir bemesting, omheining en ook algemene verbeterings.

2. Ontginning van die persele.(a) Grondgebruik.

Die persele is sonder twyfel te groot vir bewonings-doeleindes alleen. Onderstaande persentasies sal dit aantoon.

A. Hele perseel <u>bewerk.</u>	B. $\frac{1}{2}$ en meer maar nie <u>hele.</u>	C. $\frac{1}{4}$ - $\frac{1}{2}$ van die <u>perseel.</u>	D. $\frac{1}{4}$ en minder sluit ook in geen bewerk- <u>ing.</u>
20%	14%	26%	30%

Op die/

Diagram; Skaal: 1 duim stel 10% voor.

A. $\frac{1}{4}$ van die perseel bewerk.

B. $\frac{1}{2}$ van die perseel bewerk.

C. $\frac{3}{4}$ van die perseel bewerk.

D.
Alle grond van die perseel bewerk.

Op die Oos-Rand is die posisie egter heel anders.
Die volgende tabel gee 'n weergawe daarvan. (1)

A. $\frac{1}{4}$ van die perseel <u>bewerk.</u>	B. $\frac{1}{2}$ van per- seel <u>bewerk.</u>	C. $\frac{3}{4}$ van Per- seel <u>bewerk.</u>	D. Alle grond van perseel <u>bewerk.</u>
6%	10%	14%	64%

Soos die kaarte dit aantoon is dit veral op die Wheatlands- en Tenacre skemas - waar die hoewes gemiddeld 5 morg groot is - dat slegs 'n deel van die hoewe bewerk word. Die gemiddelde grootte van die hoewes is 2 - 3 morg, dit wissel van 1 morg tot 10 morg en in enkele gevalle selfs meer.

Die redes wat algemeen aangegee word, waarom die hoewes so swak bewerk word is:

- (i) Tekort aan water.
- (ii) Swak grond.
- (iii) Nie tyd om enige bewerking te behartig nie.

Op die Oos-Rand egter is die grond baie beter, dit is van die beste landbougronde in die Unie, veral die na die oostelike dele. Dit bestaan vir by die 70% uit vrugbare leemgrond, terwyl die ondergrond meestal gruiserig is. (2) Aan die Oos-Rand is die watervlak meestal vlak (d.i. 1943) hoewel daar ook 30% is wat boorgate vanaf 100 voet tot 150 voet het, terwyl aan die suide van die Rand die boorgate reeds in 1943 begin opdroog het (bv. Vogelfontein). (3)

Die persele wat heeltemal bewerk is, word hoofsaaklik omgeploeg en vol mielies gesaai. Dit is ongetwyfeld die gewas wat die meeste verbou word, hoofsaaklik

omdat/ ...

-
- (1) Theron-kommissie, 29.
 - (2) Theron-kommissie, 13.
 - (3) Theron-kommissie, 13.

omdat dit so min arbeid en water verg, ten minste dit word baie selde besproei.

'n Groot deel van die bewerkte persele word egter met vrugtebome (veral perskebome) beplant.

Origens word voergewasse gesaai - dit is egter opvallend dat daar so min van lusern gebruik gemaak word - groente en blomme vorm 'n ander belangrike deel van die meer intensief bewerkte hoewes. Artappels speel geensins 'n noemenswaardige rol nie, veral omdat dit meestal 'n misoes is, tensy daar baie mis of kunsmis toegedien word.

(b) Verbouing van die verskillende gewasse.

(i) Vrugtebome.

Soos die kaarte baie duidelik aantoon, het feitlik elke perseel wat enigsins bewerk is 'n aantal vrugtebome. Dit gebeur ook dat dit in baie gevalle die enigste poging is wat tot dusver nog aangerig is om iets op die perseel aan te bring.

Daar is egter nie een kultuur vrugteboer op die persele nie. Slegs in 3 gevalle van die ondervraagde bewoners is gevind dat daar 'n inkomste van die vrugte verkry word, en dan is dit ook baie wisselvallig, aangesien die gebied aan hael onderhewig is. Heel resent geneem; die oes is in 1951 deur die hael weggeslaan en gedeeltelik - in sommige gevalle geheel - ook in 1952. Hierdie persone bring ook nie die vrugte na die mark nie, maar verkoop dit uit die hand en smous daarmee, op die persele en dorpsgebiede rond. Op die Oos-Rand is bykans 80% van die sagte vrugte van persele veral om Benoni, afkomstig. (1)

Omdat vrugteboerdery veral baie arbeid verg met die pluk en verpakking daarvan, vind die perseelbewoners

nie/ ...

(1) Theron-kommissie, 15.

nie die tyd daarvoor nie, aangesien in die meeste gevalle reeds vroeg werk toe gegaan en laat eers teruggekom word. Daarom vind ons dan ook dat soveel van die boorde eenvoudig nie meer gesnoei word of enigsins bewerk word nie, maar is slegs aan die verwaarlosing oorgelaat.

(Fotos 14 en 15).

Daar is egter ook boorde wat alreeds 12 jaar oud is en nog steeds goed opgepas word en goeie vrugte lewer. (Foto 16).

Op die jonger skemas is daar eienaars wat met groot ywer en goeie vooruitsigte jongboorde aanlê (Foto 17) met die hoop - net soos ouer inwoners - om goeie winste te maak.

(ii) Mielies.

Soos reeds aangetoon, word groot dele van die persele met mielies beplant. (Sien kaarte van skemas). Dit wissel egter jaarliks. Soms word nuwe stukke geploeg, terwyl ander dele oorlê of deur iets anders bedek word. Slegs in 2 gevalle het persone kon sê dat hulle iets gehad het om te verkoop, die een 6 sakke mielies en die ander 15 sakke mielies in 1952. Mielies bied dus nie 'n gereelde inkomste nie.

Omdat die grond so suur en skraal is, is dit glad nie geskik vir mielies nie en die gemiddelde opbrengs is 3 sak per morg - wat nie eens die inkomste daaraan verbonde dek nie. Meestal is die mielies 'n mislukking, die stronke word vir voer gebruik en veral word groenmielies gebruik om te eet. Enkele persone verkoop mielies aan naturelle en kry soms tot 3 pennies per kop. Afgesien van die 2 persone voorsien niemand verder eers in hulle eie behoeftes nie.

Dit is/ ...

Dit is duidelik dat nóg vrugte nóg mielies enigsins bydra tot nabyliggende dorpsgebiede se konsumpsie, en natuurlik nog minder ten opsigte van die nasionale mark.

Aan die Oos-Rand is gevind dat die mielie-produksie op die persele geen faktor is in die totale produksie van die mielies in die Unie nie. (1)

(iii) Groente.

Hier net soos in dorpe en stede - waar enigsins ruimte is - het die meeste bewoners hulle groente-tuin naamlik 71% van die ondervraagdes. (Sien kaarte van Individuele skemas). Die persone kan slegs voorsien in die belangrikste somergroentes, aangesien ryp baie straf gedurende die winter maande is. Tog word nog 'n hele aantal van hierdie persone gevind wat dwarsdeur die jaar groente moet koop ter aanvulling. Gedurende die wintermaande moet almal maar weer koop.

Daar is geen bewoner wat enigsins die Munisipale mark van Krugersdorp voorsien nie, maar die groente gaan hoofsaaklik na plaaslike groente-winkels of bekendes in die dorp. Daar is geensins grootskaalse tuinerye nie, behalwe in die geval van 8 Portugese op die West Rand Garden Estates wat dan ook hulle lewe daaruit maak. Hulle voorsien hoofsaaklik, Westonarea-dorpsgebied (gedeeltelik) en die mynkampongs (gedeeltelik). Hulle steur hulle bv. glad nie aan die verbouing van tamaties nie; hulle het nie tyd om aan een gewas soveel aandag te gee nie. 'n Interessante feit is, hulle verbou glad nie vrugte nie, hulle beskou dit nie as betalend nie, hoofsaaklik as gevolg van die hael, laat ryp en diefstal deur naturelle. Hulle gee veral aandag aan Aartappels,

uie,/ ...

(1) Theron-kommissie, 14.

uie, wortels, beet en kool. Dit is groentesoorte wat nie so maklik deur hael totaal beskadig kan word nie.

Daar is 15 van die ondervraagdes - behalwe die paar persone wat voltydsboer en die Portugese - wat 'n bietjie groente produseer, of vrugte of blomme om te verkoop, maar dit is ook maar min, en wisselvallig. Dit kom eintlik daarop neer dat dit die toevallige surplus is wat hulle van die hand probeer sit, sodat dit nie verwaarloos raak nie.

Aan die Oos-Rand is gevind uit verslae van markmeesters dat soveel as 90% van die somer groente op die markte van die Oos-Rand plaaslik verkry word en wel van die persele. Die verbouers daarvan is ook die Portugese en Italiane (1) - wat die werk verstaan en gewillig is om daarby baie hard te werk. Ook in hierdie opsig dra die ander perseelbewoners aan die Oos-Rand swak by tot die mark en is ook nie selfonderhoudend nie, soos uit die tabel blyk. (2)

Verbouing van Gewasse.

<u>Gewasse vir die huis.</u>	<u>Gewasse vir mark.</u>	<u>Mielies.</u>	<u>Aartappels.</u>	<u>Groente.</u>	<u>Blomme.</u>
79%	14%	40%	13%	80%	13%

In een geval is 'n persoon gevind wat begin het met die verbouing van aspersies. Hy is baie tevrede met die resultaat en meen dat hy die oplossing vir sy perseel gevind het. Die plant - die deel wat gebruik word - groei onder die grond, het min aandag nodig en vereis nie soveel water, soos groente en blomme nie.

(iv). Blomme./ ...

(1) Theron-kommissie, 14.

(2) Theron-kommissie, 30.

(iv) Blomme.

Slegs in een geval op al die persele is daar 'n boer wat sy lewe maak uit blomme, (Foto 18) terwyl nog 'n boer 'n kwekery het. lg. bestel groot dele van sy omset egter vanaf ander gebiede en versprei dit net van sy perseel af - dus maak hy nie sy lewe uitsluitlik uit die perseel nie. Die grootste aantal van die 15 onder-vraagdes verkoop blomme, egter nie op die mark nie, maar stuur 'n naturel of gaan soms self in die stede rond om te smous daarmee. Soos met alle ander landbouprodukte is die produksie van blomme egter onbenullig en geensins 'n bedreiging vir die mark nie. Aan die Oos-Rand kom al die blomme vir die plaaslike mark uit die persele. (1)

Die bewoners - in besonder die blomboer hier bo genoem wat wel blomme vir die mark lewer - vind dat as hulle oeste gereed is vir die mark, daar gewoonlik geen aanvraag bestaan nie en dat die pryse laag is, terwyl die pryse wel hoog is buite die seisoen, maar dat hulle dan nie kan lewer nie. Slegs die groot blomboere aan die Rand wat met die plantehuse wel daartoe instaat is, en ook boere van die warmer dele trek daaruit voordeel.

Drie blomsoorte wat die beste aard in hierdie gebiede is swaardlelies, krisante en angeliere. Die blomme - met voldoende bemesting - groei goed en is besonder gesond, hoewel daar tog gereeld 'n wakende oog gehou moet word teen moontlik besmetting.

(v) Voergewasse.

Omdat die produksie van voer gewoonlik spesiale gereedskap vereis, word min aandag daaraan gegee of liever minder aandag as aan bogenoemde gewasse.

Gedurende/ ...

(1) Theron-kommissie, 15.

Gedurende die wintermaande word in enkele gevalle tog 'n stukkie gars, hawer en selfs koring gesaai ter aanvulling vir die koeie en hoenders. Origens word hoofsaaklik van die mielies gebruik gemaak, dit is die stronke sowel as die bietjie pitte wat verkry word.

(c) Diere.

(i) Koeie.

Die perseelbewoners probeer om slegs in die eie behoeftes van melk en botter te voorsien. 60% van die bewoners besit dan ook 1 of meer koeie, gemiddeld 2 per eienaar. Hierdie diere is nie van 'n hoë waarde nie, meestal goedkoop koeie wat die bewoner kan bekostig, gevolglik is die melkproduksie swak en hoewel die meeste mense dan - vir solank die koei in melk is - genoeg melk het, kan nie dieselfde van die bottervoorsiening gesê word nie. Die meeste persone moet vir die grootste gedeelte van die jaar nog botter koop, hoewel miskien nie die hele voorraad nie. Dit gebeur egter dat bure saamwerk wat die melk betref. As die een teveel het gee hy aan sy buurman wat later weer in 'n beter posisie is en eg. dan weer afhanklik is.

Afgesien van 4 persone wat op grootskaal vir melk ingaan (1 deeltjys en drie as boere) was daar slegs 3 ander persone van die wat ondervra is wat enigsins 'n inkomste uit die koeie maak, afgesien van selfvoorsiening.

Slegs een boer voorsien 'n melk depot in Randfontein. Die ander persone het hoofsaaklik hulle vaste klandisie op die hoewes, dorpe en ook lokasies. Die een boer besit 107 Friesland koeie wat van goeie gehalte is, met twee geregistreerde bulle daarby, terwyl twee ander onderskeidelik 25 en 26 koeie het en in een geval slegs 16 koeie.

Deur die /

Deur die jaar word daar voer gekoop vir die diere, die gronde is te klein om enigsins in 'n mate soveel koeie te voorsien. Van al die ondervraagde persone was daar slegs een geval, waar die eienaar nie voer koop nie. Dit was op West Rand Garden Estates. Hierdie persoon het 7 morge vir bewerking en die maatskappy se gronde vir beweiding. Maar met al die koeie voorsien hulle slegs in eie behoeftes en het nie eers altyd botter om te verkoop nie.

Daar is 'n hele aantal groot melkboere in die omgewing van Randfontein, daarom is dit duidelik dat ook in hierdie aspek die perseelbewoner 'n onbenullige rol speel.

Weiding. Geen voorsiening vir gesamentlike weiding is gemaak nie. Die perseelbewoner maak hoofsaaklik van die onbewoonde hoewes gebruik vir beweiding - hulle jaag slegs die koeie by die hek uit en dan moet hulle verder klaarkom. Die melkboere volg ook in 'n mate hierdie beleid, maar moet hoofsaaklik weiding huur.

As hierdie bronne vir die bewoners gesluit word, sal dit beslis 'n haglike toestand skep. Die aantal koeie sal beslis verminder moet word, en meer voer sal moet gekweek word of gekoop word.

Die weiding is ook vir die grootste deel van die jaar ontoereikend soos reeds onder die plantkundige afdeling aangetoon is.

(ii) Hoenders.

Daar is verwag dat heelwat aandag hieraan gegee sou word, omdat hierdie soort boerdery nie so afhanklik is van 'n groot watervoorsiening nie, hoewel tog in 'n mate vir groenvoer wat gesaai moet word.

Daar is/

Daar is gevind dat 66% hoenders besit, wat wissel van 10 tot 600 in getal. Die gemiddelde per eienaar, werk uit op 47 hoenders. Dit sluit 2 gevalle uit waar daar 500 en 600 onderskeidelik is. 17 Persone, dus 17% kry 'n geringe inkomste daaruit, maar slegs in 2 gevalle is dit meer as die onkoste. Dit is dus net die eiers wat te veel is vir eiegebruik wat verkoop word. Daar word selde gepoog om op grootskaal te begin. Die twee persone wat die 500 en 600 hennas onderskeidelik besit, het nog nie groot inkomstes nie, aangesien hulle beginners is, en die hoenders nog jonk is. Daar is ook ander persone teengekom wat reeds meer as 100 hoenders besit en nog meer wat wil aanskaf, om 'n inkomste daaruit te maak.

Aan die Oos-Rand het die 800 bewoners wat ondervra is 36,000 hoenders. Hierdie perseelbewoners het byna alle eiers vir die lokale mark gelewer. Hulle enigste noemenswaardige mededingers is boere rondom Bethal en Delmas. Die komitee was van mening dat daar 'n groot toekoms vir hierdie boerdery soort op die persele is, maar dan moet die hoenderboere die nodige kennis hê. (1)

(iii) Varke.

Geen varkboer is aangetref onder die ondervraagdes nie; ons is egter bewus van twee persone wat met varke boer. Die paar persone, ongeveer 21%, wat wel varke het, het maar net een of twee vir die afvalkos en vir eie slagdoeleindes by een of ander spesiale geleentheid.

(iv) Bye./ ...

(1) Theron-kommissie, 15.

(iv) Bye.

Geen geval waar met bye geboer word is teë-gekom nie, hoewel daar tog genoeg ruimte en ook blomme is vir so'n boerdery.

(d) Die ondervinding van die boere self.

Die boere wat tans probeer om 'n selfstandige bestaan uit die hoewes te maak, erken sonder uitsondering dat dit hopeloos te klein is vir 'n selfstandige bestaan. Selfs die blomboer wat net op twee hoewes boer - maak nie van weiveld gebruik nie - vind dat hy baie hard moet werk om kop bo water te hou. Hulle wil graag boer en wag vir geleentheid - eerstens om 'n goeie koper vir die hoewe te kry en tweedens om ander grond te kry - om elders te kan begin.

Die persone wat deeltjds iets produseer, voel dat dit nie lonend is nie en dat dit meer 'n liefhebberij geword het. Hulle gee dus nie om om iets daarvoor te spandeer nie. Hulle beskou dit ook hulle plig om die grond te bewerk, anders lyk dit na vermorsing en ook luiheid.

Van die persone wat niks verkoop nie, is 6 gevind wat wel vroeër óf groente óf vrugte óf blomme óf melk óf 'n paar produkte saam produseer het gedurende hulle spaartyd, maar het daarvan afgesien omdat dit baie van hulle verg en deeltjds nie tot 'n sukses deur-gevoer kan word nie.

(e) Bemerkingsfasiliteite.

Randfontein self beskik nie oor sy eie mark nie - juis omdat daar baie min produkte in die omgewing vir bemerking geproduseer word - Krugersdorp, wat nog 8 myl noord-oos van Randfontein geleë is, beskik oor die naaste mark vir die produsente. Dit is dan ook daarom

dat/

dat slegs die een blomboer sy produkte mark toe neem - hy vind geen tyd om self daarmee te smous nie - sy produksie is te groot vir so'n omslagtige manier van afset.

(f) Arbeid.

Die aard van verbouing wat hier toegepas moet word, vereis baie handearbeid. Die perseelbewoner werk self elders, dus is hy absoluut afhanklik van natuurlike-arbeid.

Aangesien daar reeds 'n tekort op die myne en ook die industriële omliggende gebiede bestaan en die naturel verkies om in die dorp te werk, dit is in die winkels of in die woonhuise, gaan dit deurgans moeilik om op persele werkvolk vir die harde werk te kry. Die wat te kry is, is hoofsaaklik die soort wat onbekwaam is, en maar gedurig van werkgewer verwissel. Die werkgewer het dus gewoonlik die moeilikheid dat die naturel nie sy werk goed verstaan nie, en nog voordat hy deeglik vertrouwd geraak het daarmee en dus 'n bate is, het daar moeilikheid gekom. Omdat die eienaar self feitlik heel-dag van die huis af is, en die naturel aan sy eie gewilligheid oorgelaat word, word net die minimum verrig. Die huisvrou kan nie die boerdery en ook die buitewerk behartig nie. Daar is wel sulke gevalle, maar dit eis nogtans baie inspanning en in meeste gevalle te veel van die vrou.

Die eienaar moet self vroeg na sy werk gaan en weens langafstande en arbeidstekort en dus oortydwerk kom hy gewoonlik laat tuis. Hy is dan so moeg, veral die myner wat ondergronds baie sweet, dat hy tot min instaat is of nie lus het om nog op die perseel te gaan werk nie.

Die lone wat naturelle in die myne, fabrieke en winkels kry, is bokant die vermoë van die gewone hoewe bewoner. Op die perseel kry hulle van £2.10.0 tot £5 in
uitsonderlike/...

uitsonderlike gevalle met 'n gemiddelde salaris van £3 tot £9. Hierteenoor kry hulle in arbeidsmarkte £5 en hoër tot soveel as £16 in winkels waar navrae gedoen is.

Die naturelle is nie alleen onbetroubaar in die werk nie, maar rig ook veel skade deur diefstal aan.

Dit is veral hulle rondlopervriende wat baie skade aanrig, veral onder die hoenders. Geen wonder nie dat verskeie bewoners verklaar dat hulle geen bediende op hulle perseel wil hê nie. Saam met die kinders behartig hy dan 'n klein stukkie grond. Dit is voorwaar aan te prys en 'n baie gesonde en vormende beleid.

Van die persone wat ondervra is, het 20% verklaar dat daar 'n naturelle gesin op die perseel woon. Later is ontdek dat in die meeste van hierdie gevalle slegs die naturellevrou miskien was en stryk, terwyl die man in die dorp werk en selfs die vrou ook. Om hierdie rede is bogenoemde persentasie ook twyfelagtig. Sommige persone het verstaan dat die naturel in diens moet wees en dus ontkenkend geantwoord, ander hou hulle onwettig daar aan - laat hulle byvoorbeeld huur betaal vir die woning - en wou dus ook nie positief antwoord nie.

Die arbeidsprobleem as geheel - vir intensiewe verbouing op die hoewes - is seker nie veel kleiner as die probleem van die water en die grondgehalte nie.

(g) Metode van grondbewerking.

(i) Dit is te verstaan dat daar nie een bewoner sal wees wat osse besit nie - daarvoor is nie weiding en ruimte beskikbaar nie en ook nie genoeg werk nie. Daar is egter 'n paar persone wat twee of meer donkies besit, wat ook op die oop persele en langs die paaie kos moet soek.

Die eienaars/ ...

Die eiensaars moet egter trekdierse huur. Dit is gewoonlik van naturelle van aanliggende plase, wat dan met al die gereedskap kom en die hele perseel of die vereiste gedeelte omploeg teen 'n bepaalde vergoeding. Die eiensaars wat self ook diere besit maak ook op hierdie wyse geld. Die trekdierse is hoofsaaklik donkies, maar daar is ook gevalle waar osse verkrygbaar is.

(ii) Trekker.

'n Nuwer ontwikkeling is die aankoop van die klein tuintrekkers, dit is die Rotary Hoes. Dit is egter net die meer gegoede persone wat dit kan bekostig, en hulle gebruik dit slegs vir eie doeleindes. Dit is 'n baie handige trekker.

(iii) In baie gevalle word eenvoudig groot stukke grond met die graaf of spitvurk omgespit.

Vir skoffeldoeleindes kan dan ook net van die graaf of skoffelpik gebruik gemaak word. Die trekker-eiensaars is egter beter af.

(h) Bemesting.

Die grond is baie arm en daar moet baie goed bemes word asook met kunsmis aangevul word.

Sommige inwoners meen dat as daar gereeld - hulle het dit vasgestel - elke derde of vierde jaar 18 ton kraalmis tesame met 'n hoeveelheid kunsmis en veral ook landboukalk - om die suurheid te neutraliseer - op 1 morg gegooi word, goeie resultate verkry sal word. Die Portugese tuinbouers spandeer elke drie jaar gemiddeld £40 per morg aan bemesting, en dan voeg hulle nog gereeld kunsmis by elke oes. Daar bestaan tans reeds baie probleme om voldoende kraalmis te bekom en dan kos dit wel van £1.5.0 tot £2 per ton.

(i) Besproeiings.

(i) Besproeiings moontlikhede.

Soos alreeds aangetoon het die fontein by Westonarea al reeds soveel verswak, dat die beplande skema nie uitgevoer kan word nie. Die reeds bewoonde hoewes, kry tans self nie genoeg water om in al die besproeiings vereistes te voorsien nie.

Dit is die geval ook met die Welverdiend hoewes. Die bewoners kry alleen elke dertien dae die volle stroom vir een uur. Nou werk vier-vier in groepe saam, dan deel hulle die stroom in vier dele, sodat hulle dan saam elk vier uur kan besproei. Die stroom is dan reeds so verswak dat hulle nie die hele perseel kan besproei nie. Gedurende droogte tye vereis sekere gewasse meer gereelde besproeiing as slegs een keer in 13 dae. Hier is tans ook nog baie hoewes wat onbewerk is. As hulle dus ook verder moet ontwikkel, sal die probleem beslis nog groter word. Dit is dus duidelik dat daar geensins voldoende water vir besproeiing is nie. Die gebrek aan water by hierdie skema, kom natuurlik as gevolg van die groot aantal klein plase wat ook van dieselfde kanaal afhanklik is vir hulle besproeiing.

Besproeiing vanuit boorgate is nog 'n moeiliker probleem. Dit vereis 46,865 gellings om een morg grond met 'n lagie water, 1 duim dik, te bedek. Volgens 'n artikel in die Landbouweekblad verg dit teoreties 150,000 gellings water om een morg grond een keer te besproei. In die praktyk, waar vermorsing noodwendig plaasvind, kan hierdie syfer tot 200,000 gelling verhoog word. (1)

Volgens gegewens wat beskikbaar is, is die maksimum vermoë van 'n windpomp met 'n 12 voet wiel en $3\frac{1}{2}$ duim silinder 391 gellings per uur. Dit kan gelewer

word/

(1) Die Landbouweekblad, 26.12.1951.

word met 22 trekke per minuut. Die maksimum diepte wat so 'n pomp water kan trek is 175 voet. (1) Om dus 150,000 gellings water te pomp sal die pomp 366 uur aanmekaar moet werk, dit is 15 dae. Dieselfde pomp met 'n 5 duim silinder kan 805 gellings per uur lewer, maar dan is die maksimum diepte wat die pomp kan werk maar 98 voet, dit sal dan 186 uur of 7 dae neem om die vereiste hoeveelheid te lewer. Dit is vanselfsprekend dat die 10 voet wiel nog heelwat minder water sal lewer. Aangesien bogenoemde die maksimum voorstel, moet aangeneem word, dat met swak winde of die windstiltes wat dikwels hier voorkom die syfers sal daal, en die aantal dae wat dit sal neem om die vereiste hoeveelheid water te lewer sal heelwat styg. Aangesien die meeste groente en blomsoorte al om die 7 of 10 dae goed nat gemaak moet word - reëntyte sal dit die saak verander - sien ons dat in die meeste gevalle die windpompe nie sal kan voorsien nie, want die meeste bewoners kan maar die 10 voet of 8 voet wiel bekostig, met die $2\frac{1}{2}$ duim silinder.

'n Enjin van 3 perdekrag met 'n $3\frac{1}{2}$ duim silinder kan op 'n diepte van 180 voet maar 650 gellings per uur lewer. Dit gee dan die vereiste hoeveelheid na $\pm$ 10 dae. Die meeste boorgate is ook so swak dat hulle nie hierdie aanhoudende stroom sal kan lewer nie.

Om die 1 duim lagie water op een morg te pomp, sal dit die 12 voet wiel met silinders van 5 duim of $3\frac{1}{2}$ duim, 2 dae of 5 dae onderskeidelik neem.

Die opgaardamme waaroor die meeste mense beskik, kan ook maar in 'n geringe mate voorsien, bv. 'n dam met 6 voet hoogte en 25 voet deursnee kan maar 13,200 gellings hou, en 'n dam van 40 voet by 6 voet - (selde word groter damme op die hoewes aangetref) - kan ook net 33,792 gellings/...

(1) L.M. Engineers Bpk., Bloemfontein.

gellings hou.

Hierdie syfer staaf dus die bevindings van elke persoon wat ondervra is wat enigsins 'n groter skaal tuin maak. Een enkele windpomp kan maar net genoeg groente vir eie gebruik besproei, en ook nie eens in al die gevalle nie.

Weereens, net soos in die hoofstuk oor „Ondergrondse Waters“, kan beweer word dat die geleentheid om die salaris uit die hoewes aan te vul, deur die waterprobleem beperk word.

HOOFSTUK VII.

EKONOMIESE ASPEKTE VAN DIE LANDBOUHOEWES.

I. Inleidend.

Dit was een van die moeilikste take om 'n enig-sins suiwere weergawe van die ekonomiese welstand van die perseelbewoners te kry. Daar was nie altyd sekerheid omtrent die salaris nie omdat, namate hulle oortyd werk hulle inkomste gedurig wissel. Daar is egter meer klem gelê op die bruto salaris as die wisselvallige oortyd inkomstes.

Dit was deurgaans opvallend hoe min persone volledig boek hou van alle inkomstes en uitgawes. Aangesien alles hoofsaaklik maandeliks gekoop word en nie kontant betaal word nie, betaal die man of vrou eenvoudig die rekening, met die gevolg dat hulle nie altyd presies weet hoeveel 'n pint melk, pond botter of selfs 'n sak hoendervoer kos nie.

Dieselfde geld ook vir ander uitgawes, soos vir boumateriaal en ander verbeterings. Dit word ook verder bemoeilik deurdat in die meeste gevalle die materiaal vir verbeterings oor lang tydperke, stuk-stuk of geleidelik op kleinskaal aangeskaf word, sodat daar teen die einde nie met akkuraatheid verklaar kan word, wat dit alles gekos het om voltooi te word nie.

2. Besonderhede.

(a) Besit van persele.

Uit die honderd persone wat ondervra is, is $\pm 85\%$ eienaars. Daar was geen kennis van persone wat die perseel vir 'n klein bedrag, as roukoop, of weens ekonomiese druk, feitlik weggee het nie.

Dit is /....

Dit is baie duidelik dat in die area onder bespreking dit nie die kapitaalkragtige persoon of selfs hoogbesoldigde persoon is wat 'n perseel aankoop nie. Daar is gevind dat slegs 12% die onbeboude perseel konstant kan koop. Die pryse wissel van £65 per perseel op Dancornia tot £1,150 op Welverdiend. Dit is dus gemiddeld van £25 tot £250 per morg. Eersgenoemde is ver van enige dorpsgebied, $\pm$ 10 myl. Dit is ook dorre aarde waar water moeilik te kry is, weens die grotte. Hier teenoor is Welverdiend hoewes voorsien van 'n waterkanaal, (hoewel nie voldoende nie) en is aan Welverdiend-dorpsgebied) geleë.

Die agente is die kopers besonder tegemoetkomend. Hoofsaaklik word die laagbesoldigde aangemoedig om te koop. Gewoonlik neem hulle 'n deposito aan, vanaf £10 en hoër. Dit hang egter ook tot 'n mate af van die kosprys van die perseel. Dieselfde geld ook vir die wyse waarop terme betaal word. Dit wissel van £2.10.0 tot £15 per maand, met 'n gemiddeld van £9.5.0d.

Die perseeleienaar kan hierdie terme bekostig, en maak dit vir hom moontlik om sy eie stukkie grond in die hande te kry. In dorpsgebiede is die vereistes baie hoër en dikwels bo die vermoë van die laagbesoldigde.

Hoewel die agente tegemoetkomend blyk te wees, buit hulle tog die koper op een of ander wyse uit. Die volgende geval toon dit duidelik aan: Die Water's Edge skema is gedurende 1951 uitgelê. 'n Kanaal vanaf die Wonderfonteinloop maak dit moontlik vir besproeiing in die gebied. Die grond is egter gedeeltelik geskik vir landboudoeleindes. Feitlik al die oostelike en noordelike hoewes $\pm$ die helfte van die skema is totaal ongeskik, want dit is aanmekaar klipperig. Hier sal vir

elke/

elke boom wat geplant word, 'n gat uitgekap moet word en grond van elders ingery moet word. Die westelike (die grootste gedeelte daarvan altans) en die suidelike hoewes lê in die ou vlei gebied en het redelike goeie grond. As vloedwaters egter kom, sal sommige oorstrom word. Die pryse vir 'n enkele perseel (onbeboud) wissel van £600 (dit is persele 38, 39 en 40 wat nie onder die besproeiingskanaal val nie - sien kaart van Waters' Edge) tot £950. Soos reeds gesê, is sommige van hierdie hoewes totaal ongeskik vir landbou doeleindes, en as weiding is hulle ook min wêrd, weens die baie klip, vlakgrond en min gras, en kan selfs teen die fantastiese pryse van grond vandag, vir 'n boer nie veel meer as £5 per morg wêrd wees nie, natuurlik as dit saam met die beter aangrensende gronde as 'n plaas verkoop sou word, sou die gemiddelde prys seker tot £25 per morg opgeskuif kan word.

Op bykans elke skema is 'n stukkie grond uitgehou vir 'n besigheidssentrum en ook persele vir 'n skool en ander departementele doeleindes. Die aantreklikheid hiervan word dan gewoonlik vir die koper voorgehou, terwyl daar in die praktyk baie min van tereg kom. Soos reeds gemeld is op die 29 skemas onder bespreking nog slegs 2 skole opgerig. Die een op Middelvlei het sy ontstaan grootliks te danke aan Kocksoord-dorpsgebied wat aan die landbouhoewes grens.

'n Verdere tegemoetkoming word in die regulasies gevind, waar die minimum waarde vir die huis en buitegeboue wat opgerig word, ook baie laag gestel word.

Vir Bootha hoewes - toe die boukoste nog laag was - is die vereistes vir geboue wat opgerig word, op 'n minimum van £400 gestel.⁽¹⁾ Vir Elands, ook van die eerste/ ...

(1) Stadsraadsleer, No. 722, Bootha Agricultural Holdings.

eerste hoewes, is dit gestel op £250, (1) Loumarina klein-hoewes wat uitgelê is in 1942, was die vereistes £700. (2) Vir Wilbotsdal, uitgelê in 1945, is die minimum waarde op £800 gestel. (3)

Dit is dan ook ongetwyfeld die rede waarom daar so'n groot persentasie swak huise opgerig is. Die verbeterings wat aangebring is, is net so uiteenlopend. Soos reeds aangetoon en soos die kaarte baie duidelik aantoon, is tot 'n groot mate net die minimum vereistes, om 'n bestaan te maak, aangebring. Vir onbeboude hoewes wissel dit van £250 tot £3,900 met 'n gemiddeld minder as £1,000. Dit sluit in die woonhuis en buite geboue.

Vir reeds beboude hoewes was verbeterings wat daarby deur die nuwe eienaar aangebring is van £12 tot ± £1,000. Die hoogste waardasie wat teengekom is, is op £4,500 gestel vir 'n enkele perseel. 'n Geval is gevind waar £400 aanvaar sal word vir die perseel.

Opvallend gedurende die ondersoek, was die hoeveelheid bewoonde hoewes wat te koop aangebied word. Daar is 16% van die ondervraagdes wat meer as een perseel besit, waarvan 5 gevalle meer as 2 persele besit.

(b) Inkomstes.

Soos reeds aangetoon is 85% van die ondervraagdes salaristrekkers terwyl 6% pensioen kry, 3% die besigheid doen en 5% boer en een nie werk nie. Die persentasie salaristrekkers sal op die totale aantal bewoners ongetwyfeld hoër wees aangesien ander persone, soos boere en pensioenarisse spesiaal uitgesoek is vir ondervraging. Die salarisse wissel van £38 tot £100 per maand.

Die/

-
- (1) Stadsraadlêer, No. 725, Elands Agricultural Holdings.
 - (2) Stadsraadlêer, No. 644, Loumarina Agricultural Holdings.
 - (3) Stadsraadlêer, No. 608, Wilbotsdal Plots.

Die tabel toon die verspreiding aan. Dit is die maandelikse salarisse.

<u>£38.</u>	<u>£40 - £49.</u>	<u>£50 - £59.</u>	<u>£60 - £69.</u>	<u>£70 - £79.</u>
1	23	29	17	5
		<u>£80 - £89.</u>	<u>£90 - £100.</u>	
		3	4	

Die boere se winste wissel van £20 tot £200 per maand. Dit is die blomboer teenoor die grootste melkboer. Die ander gevalle kry een £50 en twee wat saamwoon (saamboer) kry saam £75. In die vyfde geval is daar nog geen winste nie, maar die eienaar kry £35 maandeliks aan huise wat verhuur word op Welverdiend, terwyl die wat hulle eie besigheid bestuur van £40 tot £60 wins maak maandeliks.

Die pensioene wissel van £6.10.0 tot £10.10.0 per maand.

Dan is daar die 15% wat bykomstige inkomstes uit die perseel verkry wat wissel van 10/- tot £20 per maand, met 'n gemiddeld van £4.10.0 per maand.

(c) Uitgawes.

Onder hierdie hoof sal hoofsaaklik bespreek word uitgawes verbonde aan die elemente wat bedoel is om die lewe goedkoper te maak op die persele. Daar sal ook 'n vergelyking getref word tussen die betrokke uitgawes, en die uitgawes verbonde aan dieselfde element in die dorp of stad. Daar sal dus hoofsaaklik op die volgende gelet word:

- (i) **Koste verbonde aan perseel en erf.**
- (ii) Koste verbonde aan woning.
- (iii) Belasting.
- (iv) Water en ligte.
- (v) Bepaalde lewensmiddele, dit is, melk, botter, eiers, groente en vrugte.
- (vi) Reiskoste na werk en algemeen.

(vii)/

- (vii) Ploeg.
- (viii) Arbeid.
- (ix) Nakominge van ander finansiële verpligtinge.
- (i) Persele.

Die koopwaarde van persele op die skemas is reeds aangetoon. In Randgate, 'n ou dorpsgebied grensende aan 'n hele paar skemas, kan erwe vir £50 gekoop word. Dit is egter baie klein erwe. Persele van Bootha hoewes kon voor die Tweede Wêreldoorlog nog vir £65 gekoop word, vandag is die pryse al £200 en meer. Terwyl nuwe uitbreidings van Randfontein, wat in 1952 uitgegee is, verkoop word vir ± £320, die erwe bied meer ruimte as in Randgate. Geen persele lê in die onmiddellike omgewing, waarmee pryse vergelyk kan word nie. Maar reeds is aangetoon van duurder persele. In vergelyking dus kos 'n perseel, wat wel groter is, oor die algemeen heelwat meer as wat 'n erf sal wees.

(ii) Woning.

In hierdie opsig is perseelbewoners meer begunstig. Boumateriaal bly dieselfde, hoewel die perseelbewoner in baie gevalle tog van 'n minderwaardige gehalte materiaal, wat eerder vir buitegeboue gebruik behoort te word, vir sy huis gebruik maak.

Van die perseelbewoner word nie dieselfde vereiste verwag wat die waarde van die huis betref nie. Hulle kan dus goedkoop en swak huise oprig, wat so baie dan doen - vier buitemure met twee of drie kamers en 'n platdak daarop. (Foto 4) - Die vereistes in die dorp is hoër. Die eergevoelige persoon op die perseel sal egter dieselfde onkoste hê. Op die perseel is dit moontlik om slegs een kamer op te rig, en solank daarin te woon en dan geleidelik verder te bou. (Figure 8 en 9).

Volgens/

Volgens die regulasies mag soiets nie plaasvind nie, maar weens algemene swak beheer, en die uitgestrektheid vind dit tog in baie gevalle plaas. Omdat dit ander bewoners ook nie juis hinder nie en hulle die omstandighede begryp, gee hulle gewoonlik die saak nie aan nie.

Dit gebeur selde in 'n dorpsgebied. Op hierdie wyse kan die eienaar self sy huis bou, of soos baie gebeur, kry hy 'n naturel wat bou. Hierdeur word boukoste bespaar. Dikwels word gevind dat 'n huis egter swak gebou is. Origens is bougenootskappe bereid om geldelike steun te verleen op dieselfde basis as vir die dorpsgebiede.

Met die opoffering wat bewoners bereid is om te maak, is dit vir hulle dus moontlik om makliker 'n eie woning en grond te besit, as wat die geval in die dorp sou wees. Dit is beslis 'n voordeel vir die laagbesoldigde.

(iii) Belastings.

Die Stadsraad van Randfontein belas grond-eienaars binne hulle munisipale gebied, met lld. per £1 van die waardasie. Terwyl hulle die landbouhoewes met $\frac{1}{4}$ van die hoeveelheid, d.w.s. 2 $\frac{3}{4}$ d. per £1, belas. Alle landbouhoewes onder hulle beheer, betaal tans nog nie belasting nie nl.

Ooster landbouhoewes.

Wilbotsdal landbouhoewes.

Loumarina "

Pelzvale "

Randfontein Suid landbouhoewes.

Die gemiddelde waardasie is gedurende 1952 van £500 na £900 opgeskuif wat gemiddeld hoër is as in die dorpsgebied.

West Rand/

West Rand Garden Estates, wat onder Westonarea sorteer, betaal ook $\frac{1}{2}$ van die dorpsgebiedbelasting. Dit is 2d. teenoor 8d. per £1.

Van die hoewes wat onder beheer van die Raad vir Buitestedelike gebiede val, betaal nog net Petrograaf en Welverdiend nl. 2d. per £1.

Die wat buite enige beheer val, betaal dus geen belasting nie.

(iv) Water en ligte.

Weens die groot aantal mislukkings met die boor vir water - die risiko word meestal deur die eienaar van die grond gedra - koste van windpomp of enjin en duur pype, kos dit die perseelbewoners gemiddeld £300 om die water bo die grond te kry.

Hierteenoor betaal die dorpsbewoners (Randfontein munisipale area) 4/6 per 1,000 gellings per maand, vir die eerste 2,000 gellings, daarna 2/9 per 1,000 gellings. Gesinne wat geen groente en vrugte besproei nie, gebruik gemiddeld 1,500 tot 2,000 gellings, dit is 9/- per maand. Persone wat 'n klein tuintjie vir eie somergroente het en 'n paar vrugte bome, gebruik gemiddeld 6,000 gellings per maand. Gedurende droë maande word meer gebruik en gedurende nat maande en die winter minder. Dit is dus £1 per maand of wel £12 per jaar. Geneem dat die perseel bewoner geen verdere onkoste het aan sy pomp en pype nie, as die genoemde £300 nie, sal dit hom, teen die tarief van die dorpsbewoner se water, 25 jaar neem om die £300 te betaal, en daarna sal sy water dan eers goedkoper uitwerk as vir die dorpsbewoner. Vir die persone wat dit slegs as 'n woonhoewe gebruik en nie tuinmaak nie - soos sommige dorpsbewoners ook - sal dit 'n hele leeftyd neem voordat hulle gelyk sal kom, indien ooit! Gereelde reparasies sal so'n idealisme egter gou verydel./...

verydel. Die persoon met die enjin spandeer gemiddeld £1 per maand aan brandstof alleen, maar dan kan hy 'n heelwat groter gebied besproei. Ondervinding leer egter dat 'n enjin heelwat onkoste oplewer. Indien die persone hulle inkomstes kan aanvul ten opsigte van die watervoorsiening - soos sommige wel doen, sou dit die prentjie natuurlik geheel verander het.

Die prinie van die saak is dat, die perseelbewoner oor die algemeen meen dat sy water hom niks kos nie, veral die wat windpompe of handpompe het. Dit is absoluut die enkeling wat enigsins getalle uitgewerk het.

Dieselfde beginsel geld vir die ligte. Dit is besonder moeilik om juiste getalle hier te gee, maar die perseelbewoner reken nie dat die kerse of paraffien hom iets kos nie. Die dorpsbewoner betaal wel meer aan elektrisiteit, maar dan het hulle gewoonlik geriewe van 'n draadloos, strykyster, yskas en moontlik ander elektriese geriewe, wat die perseel bewoner moet ontbeer, of teen hoër kostes aanskaf, bv. vir verwarming van strykysters, primusstowe, battery vir die draadloos ens., sodat dit slegs diegene wat daarsonder klaarkom, is wat bespaar. Vir kole en vuurmaakhout geld deurgaans dieselfde voorwaardes, want die perseelbewoner beskik selde oor sy eie hout.

(v) Bepaalde lewensmiddele.

1. Melk en botter.

Daar is 64% van die persone wat ondervra is, wat hulle eie koeie besit. Dus val 36% onder presies dieselfde kategorie as die dorpsbewoner. Die 64% het 'n gemiddelde uitgawe van £3.9.0. per maand wat hulle koeie betref. Dit wissel van £1.10.0. tot £7. Die meeste persone wat een koei aanhou het 'n uitgawe van £3 per maand vir voer, terwyl die gemiddeld vir een koei £2.6.0.

per maand/ ...

per maand is. Dit sal egter meer korrek wees om £3.9.0. as die algemene gemiddelde te stel. Hierdie koste moet deurgaans gehandhaaf word. Selfs in die somermaande word die koeie gevoer. 'n Klein persentasie van die persone verklaar dat hulle genoeg botter het, want gewoonlik is net een koei in melk en lewer slegs met tye genoeg om eie botter te maak. Die gesin het egter 'n ruim gebruik aan melk.

Hierteenoor gebruik die dorpsgesin van 5 persone (wat ook gemiddelde op die persele is) 5 pinte melk per dag - die meeste gebruik 4 pinte - dit kom op ± £3.15.0. per maand te staan. Terwyl botter gebruik ± 8 pond per maand is teen 3/2d. per pond wat die gemiddelde op £1.6.0d. per maand te staan bring. Dit is egter 'n klein persentasie van die perseelbewoners wat dit deurgaans spaar. Op melk alleen wen hy dus gemiddeld 6/- per maand. Tye kom wanneer geen melk verkry word nie, terwyl onkoste aan voer nog bly. Nietemin is dit duidelik dat as 'n persoon goeie koeie aanhou, hy goedkoper en meer volop melk en botter kan produseer, vir die grootste gedeelte van die jaar.

2. Eiers.

Daar is 66% van die perseelbewoners wat hoenders aanhou, waarvan 15 enige inkomste daarvan terugkry. Dus 34% weer wat van die winkel afhanklik is vir eiers. Die gemiddelde uitgawe is £2.6.0. per eienaar. Daar is egter 'n hele aantal wat slegs een sak voer per maand teen £1.10.0. koop. Die persone het dan egter volop gebruik van eiers - beslis meer as die dorpsbewoner. Die dorpsbewoner koop gewoonlik net genoeg vir gebruik; dit is 8 dosyn per maand @ 2/8d. per dosyn (gemiddeld) dus £1.1.4d. Hierdie bedrag kan na £1.10.0d. opgeskuif

word/

word vir ekstras en wisselende pryse. Gemiddeld kos dit die perseelbewoner dan 16/- per maand meer. Hulle het dan die voordeel dat hulle wel 'n hoender kan slag wanneer benodig. Wat dan nie juis 'n ekstra uitgawe is nie. Die uitgawes bly dus min of meer dieselfde met die voordeel dat die hoewebewoner ruimer gebruik kan hê.

Soos reeds voorheen aangetoon, is daar van die wat wel 'n inkomste verkry, uit die verkoop van eiers slegs twee wat meer inkry as wat hulle uitgawes is. Dit kan dus buite rekening gelaat word vir hierdie skema. Op die Oos-Rand is die posisie in hierdie verband baie meer ten gunste van die hoewebewoner, soos onder landbou aangedui is.

3. Groente en vrugte.

Onder (iv) is reeds aangetoon dat daar talle persone in die dorp of stad is, wat wel hulle eie somergroente en somervrugte verbou. Op die persele voorsien 71% tot 'n mate daarin, sommige groentes bv. tamaties en vroeë pampoen word vir die grootste deel van die jaar verkoop, so ook kool, slaai ens. Vrugte moet ook vir die grootste deel van die jaar gekoop word.

Die dorpsbewoner wat deurgaans moet koop, koop gemiddeld maandeliks £3.15.0. se groente en vrugte vir 'n gesin van 5 persone. Gedurende die jaar koop die perseelbewoner moontlik vir gemiddeld £2 vrugte en groente per maand. Verder het hy die voordeel dat hy volop kan hê gedurende die vrugte- en groenteseisoen. Vir ander lewensbehoefte soos, vleis, kruideniersware en ook hout en kole, is albei gemeenskappe van die dorp afhanklik, behalwe dat die perseelbewoner gewoonlik self vir vervoer moet sorg wat ekstra onkoste meebring, terwyl die dorpsbewoner stap en die bestelling plaas en dit kan afgelewer word.

(vi) Reiskoste./

(vi) Reiskoste.

Dit is moeilik om vir hierdie item vergelykings te tref, want selfs van die Randfontein- en Randgate-bewoners werk in Johannesburg en verder aan die Rand. Die persone maak egter hoofsaaklik gebruik van die spesiale goedkoop tariewe van die bus en treindienste. 52% Van die perseelbewoners ry met die motor teen 'n gemiddelde koste van £4.10.0. per maand (slytasie uitgesluit). Die koste wissel van £1.10.0. tot £7. Spoorwegamptenare van wie die salaris tussen £42 en £50 is, betaal tot £6 maandeliks net aan petrol en olie, slytasie uitgesluit. 7% Ry per fiets, 4% per fiets en trein teen 'n gemiddeld van 18/- per maand, 2 persone reis per bus teen 'n koste van £4 en £2 onderskeidelik, 4% per bus en trein @ £2.5.0. gemiddeld, 1 persoon stap. Die orige maak van verskillende metodes gebruik, ry meestal saam met 'n buurman per motor. Die gemiddelde uitgawe vir hulle is dan ± £4 per maand.

Die gemiddelde reiskoste van die dorpsbewoner is gemiddeld £2 per maand. Daar is egter talle wat geen onkoste het nie, wat nie vir hierdie gemiddelde bedrag ingesluit is nie.

Die afstand wat die perseelbewoners moet reis wissel gewoonlik van 1 myl (dit is slegs vir West Rand Garden Estates wat aan die myne hê) tot 24 myl. Die meerderheid reis egter 5 myl en meer, terwyl sommige van die persone ook op Johannesburg en elders aan die Rand werk, en per trein moet reis. In die geval van sommige hoewes wat sover afgeleë is, is die minimum afstand wat gereis moet word om by die werk te kom 12 myl, dit is 24 myl per dag.

Reiskoste/

Reiskoste van gemiddeld £2.10.0. is vir die perseelbewoner dus ongetwyfeld duurder.

Die algemeen aanvaarde koste om met 'n motor te ry - brandstof, olie en slytasie - is vandag 8d. per myl.

Dit is 'n baie klein persentasie van die bewoners wat nader as 5 myl aan hulle werksplek woon, dus is die rit daaglik minstens 10 myl. Daar is egter ook talle wat 12 myl en selfs meer van hulle werk af is, met ander woorde 24 myl daaglik. Teen bogenoemde tarief beloop die onkoste groot bedrae maandeliks. Geneem dat daar gemiddeld 25 werksdae per maand is, is die onkoste maandeliks in die eerste geval £8.6.8. per maand. Dit is 6/8d. per dag, terwyl in laasgenoemde geval dit op 18/- per dag of £22.10.0. per maand uitwerk. Omdat hierdie bedrae nie werklik maandeliks uitbetaal word nie, reken die individu dit nie as onkoste nie, wat verkeerd is.

Daarby kom die gewone ritte vir besigheid, plesier en ontspanning en ook vir mediese dienste, wat die rekening ook heelwat hoër skuiwe as vir die dorpsbewoner.

(vii) Koste aan Ploeëry.

'n Gemiddelde van £1.10.0. tot £2.10.0. per morg, vir die hele perseel meestal van £4 tot £5.

(viii) Arbeid.

Die mense is genoodsaak om werksvolk aan te hou om die groot hoewe te help bewerk. Dit is dus 'n addisionele uitgawe, soos elders ook reeds aangedui.



(d) Nakoming van ander finansiële verpligtinge.

Prokureurs en Agente beweer dat die mense hulle finansiële verpligtinge dieselfde wyse nakom as die dorpsbewoner of gewone salarisman. Hulle vind egter dat huurders op die persele vinniger wissel as in die dorp

of stad./ ...

of stad. Oor die algemeen hou die huurder nie van die landbouhoewes nie, want huurgeld is daar min of meer dieselfde as in die dorp, en dan beskik hulle nog nie oor dieselfde geriewe as in die dorp nie.

Diagramme; Skaal: 1 centimeter stel voor 10%.



HOOFSTUK VIII.SOSIOLOGIESE.1. Bewoners.

Daar is reeds aangetoon in welke beroepe of ambagte die eienaars staan. Die ondervraagdes kom hoofsaaklik uit boerefamilies.

Beroepe en ambagte van die ouers van die huidige perseelbewoners. (1).

1. <u>Boere.</u>	2. <u>Myner.</u>	3. <u>Ambag.</u>	4. <u>S.A.S.</u>	5. <u>Besig- heid.</u>	6. <u>Delwer.</u>
74%	12%	6%	6%	1%	1%

Aan die Oos-Rand is die posisie hoofsaaklik dieselfde. (1)

1. <u>Boere.</u>	2. <u>Myner.</u>	3. <u>Ambag.</u>	4. <u>S.A.S.</u>	5. <u>Besigheid.</u>	
68%	10%	7%	2%	5%	
	6. <u>Fabrieke.</u>		7. <u>Staatsdiens.</u>		
	5%		4%		

Van die bewoners self het 80% goeie of redelike ondervinding van boerdery, terwyl 20% geen ondervinding het nie. Die Theron-kommissie het die volgende gerapporteer: 71% genoeg, 4% bietjie en 25% geen. (2)

Opvallend is die feit dat in hierdie gebiede uiters min Engelssprekende persone gevind word, naamlik, 1% Engelssprekend en 1% ander tale, minstens 98% is dus Afrikaanssprekend. Aan die Oos-Rand is die posisie anders, 85% Afrikaans, 12% Engels en 3% Ander.

In 32% van die gevalle woon daar nog volwassenes - behalwe die ouers of eienaars - in die huis. Die inwoners is meestal familie betrekkinge nl. mondige kinders, of ouers wat pensioen ontvang.

Die/ ...

(1) Theron-kommissie, 31.

(2) Theron-kommissie, 29.

Die huisgesinne is oor die algemeen groter as wat die geval in die dorp is - dit is dan ook een rede waarom die mense 'n goedkoper bestaan op die persele probeer nastrewe. 84% van die ondervraagde persone het kinders in die huis. Daar is gemiddeld 4 kinders per gesin, waarvan gemiddeld 3 nog in die huis is.

Oor die algemeen is die mense lief om in die grond te woel maar hulle kry so min vrye tyd om aan die bewerking van die perseel te bestee, dat daar prakties baie min gedoen word. Hiertoe moet die kinders en ook baie keer die moeder help. Dit is ongetwyfeld 'n nuttige tydsbesteding en ook aan te prys. Dit kan alleen 'n gesonde uitwerking in alle opsigte hê.

Daar bestaan geen organisasie of koöperatiewe vereeniging onder die bewoners nie. Selfs in 'n paar gevalle is gevind, dat die mense aktief aan een of ander organisasie behoort. Hulle behoort gewoonlik aan hulle betrokke vakbonde.

Predikante en die welsynswerkster kan nie bevestig dat oor die algemeen 'n beter gesinsverhouding aangetref word nie. Hulle vind intendeel dat hulle **werksaamhede meer gestrem word in hierdie gebied.** Dit is niks ongewoons om bewoners op Sondag druk besig te kry met arbeid op die persele nie. Hulle verklaar dan dat hulle gedurende die week nie tyd kry om alles te behartig nie.

'n Probleem wat egter ook baie sorgwekkend is, is die invloed wat die omgewing op die mense het. Die standaard van lewe is ongetwyfeld laer as in die dorpe en stede. Die swak tipe huis laat ongetwyfeld sy invloed op die gees van die mense geld. Daarom word gevind dat in die meeste gevalle, alles die indruk van
verwaarloosing/...

verwaarlosing en agtelosigheid skep. Die slagspreuk: „Met die bou van huise ... Bou ons 'n Nasie", is goed bekend. Ons besef dus dat die toestande hier nie gewens is nie. Aan die Oos-Rand skyn die posisie egter beter te wees.

Deurdadig daar so baie mislukkinge in verband met die bewerking is, weens die uiters swak tipe grond en gebrek aan goeie gereedskap, het verskeie persone al moedeloos ten opsigte van die saak geword, en 'n „laat maar vaar" houding aangeneem. Almal het nie die vermoë om aan te hou met suksesse nie. As daar dus nie gou sukses kom nie, werk dit demoraliserend, in baie opsigte, op die mense in.

Dit word gevind - gelukkig nie baie nie - dat drank gesmokkel word vir natuurlike. Drank speel ook hier sy rol soos dit orals in die stede gevind word.

2. Naturelleprobleme.

Omdat die persele 'n soort van buffer vorm tussen stad en platteland, is dit 'n ideale halfwegstasie vir natuurlike om stadsgebiede binne te dring.

Die naturel kom van die platteland en werk hier vir 'n blanke. Omdat arbeid skaars is word hy in diens geneem en bly dan onwettiglik (sonder geregtelike toestemming) in diens. Na verloop van tyd en gesukkel word hy geregistreer en dan het hy 'n vrypas om die stadsgebied binne te gaan.

Dit dien in menig opsig as stoorplek vir gesteelde goedere. Weens moeilikhede in verband met ligging en slegte paaie is dit nie so maklik om hier toe te slaan op sulke plekke as in die lokasies nie.

Talle gevalle is gevind waar die naturel op dieselfde persele as die blankes woon - en selfs ook

huur/ ...

huur betaal - maar tog in die stede werk. Hier is egter die geleentheid om op grootskaal bier te maak, en meide maak dikwels 'n bestaan daaruit.

Saamhokking vind dikwels plaas (Fig.10) en die toestand neem beslis 'n ernstige wending aan.

3. Sentrale dienste.

Kortliks kan die dienste van daaglikse belang nagegaan word. Dit sluit hoofsaaklik die volgende aspekte in.

- (a) Winkels (lewensmiddels).
- (b) Kerk.
- (c) Skool.
- (d) Mediese dienste.
- (e) Polisie.
- (f) Poskantoor.
- (g) Sportfasiliteite.
- (h) Busdienste.

(a) Winkels.

Aangesien die stigtingsregulasies bepaal dat daar geen besighede opgerig mag word nie, vind ons dat met uitsondering van die skool al bogenoemde dienste nog in die omliggende dorpe gelokaliseerd is. Voorsiening vir goewermentsgebruik is wel gemaak, maar het nog slegs in twee gevalle, waar skole opgerig is in die praktyk van toepassing geword.

Randfontein is die hoofsentrum vir al die omliggende hoewes, met uitsondering van Welverdiend en die onbewoonde hoewes van Waters' Edge en Wissingdal, Eldorado is nie ingesluit nie. Afstande wissel dan van ± 3 myl (Wilbotsdal) tot ± 12 myl (Rikasrus) van Randfontein af. (Sien kaart in verband met die ligging van die hoewes). Gemiddelde afstande word gegee, omdat 'n skema nie 'n

sentrale/ ...

sentrale punt het waarheen afstande aangegee is nie.

Hoewel Randfontein die hoofsentrum is, bestaan daar ook ander sentra waar sulke dienste verkry word.

Geleë aan Wilbotsdal- en Boothahoewes is grond uitgehou waar daar by elk 'n Indiër winkel (algemene handelaars) geleë is. By die Indiër winkel op Boothahoewes is ook 'n blanke slaghuis geleë. Genoemde hoewes tesame met Wheatlands, Elands, Loumarina, Dwarskloof, Ooster, Dancornia en Avalonia skemas word hoofsaaklik deur Randgate bedien. Afstande wissel hier van teen die dorp - 'n halfmyl na die besigheidsdeel vir Wilbotsdal - tot ± 10 myl vir Avalonia. Maar die dienste is in baie opsigte nie voldoende nie. Rikasrus, Vleikop, Hillside, Hillside uitbreiding en Middelvlei kan gebruik maak van 'n paar handelaars op Kocksoord-dorpsgebied, maar ook dié is nie voldoende nie. Afstande wissel hier ook van teen die dorpsgebied tot ± 6 myl in die geval van Rikasrus. Randfontein-Suid en Pelzvale skakel direk onder Randfontein in, met afstande van 4 tot 5 myl ongeveer. West Rand Garden Estates en Petrograaf skakel in onder Westonarea en Venterspost, eersgenoemde teenaan die dorp Westonarea of wel ± 1 myl na die besigheidsgebied en Petrograaf van 4 tot 5 myl vanaf Venterspost of ook Westonarea. Die Welverdienskema word bedien deur die dorp Welverdiend.

Eldorado, geleë aan die Krugersdorp - Rustenburg teerpad, beskik oor 'n enkele winkel op Tarlton, Avalonia en Dancornia maak ook van hierdie winkel gebruik. Eldorado se hoofsentrum is egter Krugersdorp ± 8 myl daarvandaan.

(b) Kerk.

Eldorado skakel in onder Krugersdorp.

Die/ ...

Die ander hoewes word deur alldrie die Afrikaanse kerke bedien op Randgate, Randfontein en Westonarea, terwyl in Julie 1952 'n Nederduits Hervormd of Gereformeerde gemeente Middelvlei, op Kocksoord gestig is. Dienste word in die Kocksoordskoolgebou gehou aangesien daar nog nie 'n kerkgebou opgerig is nie.

(c) Skool.

Skoolbusdienste is ingestel deur die Transvaalse onderwysdepartement vir die laerskoolkinders van die hoewes en aanliggende plase na die skool wat hulle besoek. Vir die paar kinders van die Welverdiend hoewes is nog nie voorsiening gemaak nie. Hulle stap of ry per fiets. Die hoërskoolkinders van Welverdiend gaan na die Carltonville skool, wat ook voorsiening maak vir middelbare opleiding.

Daar is 'n paar laerskole wat die kinders kan besoek nl. Eldorado, Avalonia, en Dancornia se kinders besoek die plaasskool Elandsvlei in daardie omgewing, die langste afstand wat kinders hier moet ry is ± 4 myl. Die kinders van Bootha, Elands, Loumarina en Wilbotsdal besoek Rapportryerlaerskool op Randgate, die verste kinders op die Elands-skema bly ongeveer $3\frac{1}{2}$ myl vanaf die skool, 'n bus is egter beskikbaar. Vir Wheatlands, Dwarskloof en Ooster se kinders is Wheatlandsskool op die Wheatlands-skema beskikbaar - egter geen busdiens nie, want die meeste kinders woon binne een myl van die skool af.

Randfontein-Suid, Pelzvale en West Rand Garden Estates se kinders besoek die skool op Westonarea, dit is ongeveer 3 myl vir die verste kinders. Aan hierdie skool is in 1952 'n begin met std.VII gemaak, met die doel om dit tot 'n hoërskool vir daardie omgewing uit te bou. Petrograaf se kinders kan die Venterspos skool besoek, die verste is ongeveer 5 myl van die skool af.

Kocksoordskool/ ...

Kocksoordskool op die hoewes Middelvlei, bedien Hillside, Hillside uitbreiding, Tenacre en Middelvlei - hier is egter geen busdiens nie, die meeste kinders woon binne 2 myl van die skool af. Vleikop en Rikasrus word bedien deur die plaasskool Rodora, 10 myl daarvandaan, busdienste word hier verskaf.

Vir hoërskoolkinders in die Randfontein area bestaan daar vervoerbeurse om van die publieke busdiens gebruik te maak om die Riebeeck Hoërskool, (tans in tydelike geboue op Randgate) wat teenoor die Randfontein-stasie in aanbou is, te besoek. Hierdie skool sal na verwagting in 1954 in gebruik geneem word. Die kinders van Rikasrus sal dan die verste kom, dit is $\pm$ 12 myl. Tot en met 1951 kan die kinders nog slegs tot Std.VIII opleiding aan die Rapportryer Junior Hoërskool ontvang en het vir matrikulasie die Monument Hoërskool op Krugersdorp besoek.

Daar is ook 'n Hoër Tegniese Kollege vir seuns op Randfontein en een vir dogters op Krugersdorp.

Hoërskoolkinders op Eldorado besoek met behulp van 'n bus die Sentrale Hoërskool op Krugersdorp, dit is $\pm$ 8 myl.

(d) Mediese dienste.

Daar is spreekkamers op Randgate, Randfontein en Westonarea, terwyl die publiek vir hospitaaldienste van Krugersdorp afhanklik is, die mense op Rikasrus moet dus die verste ry na die hospitaal naamlik $\pm$ 20 myl. Daar bestaan wel 'n mynhospitaal op Robinson net buite Randfontein, tussen Randfontein en Krugersdorp. Die myne op Westonarea beskik ook oor 'n naturelle hospitaal, maar is van Robinson en Krugersdorp vir blanke bediening afhanklik. Welverdiend skakel in onder Potchefstroom dit is $\pm$ 32 myl vanaf Potchefstroom.

(e) Polisie./ ...

(e) Polisie.

Eldorado val onder die Krugersdorp polisie-afdeling, terwyl Avalonia, Dancornia, Ooster, Dwarskloof, Vleikop, Rikasrus, Tenacre, Middelvlei, Hillside, Hillside uitbreiding, Wheatlands, Randfontein Suid, Pelzvale, Bootha, Loumarina, Elands en Wilbotsdal onder Randfontein in skakel. West Rand Garden Estates en Petrograaf onder die Venterspos Polisie-afdeling, en Welverdiend onder die Welverdiend afdeling.

(f) Poskantoor.

Eldorado maak gebruik van Krugersdorp, terwyl Dancornia, Avalonia, Ooster, Dwarskloof, Elands, Wheatlands, Bootha, Loumarina en Wilbotsdal deur die Poskantoor op Randgate bedien word. Randfontein Suid en Pelzvale van Randfontein. Petrograaf en Goudryk, West Rand Garden Estates van Westonarea, Hillside, Hillside uitbreiding, Vleikop, Rikasrus, Tenacre en Middelvlei word deur die Poskantoor op Middelvlei-stasie bedien en Welverdiend hoewes deur Welverdiend poskantoor.

(g) Sportfasiliteite.

Vir die skoolkinders is daar wel voorsiening gemaak vir die hoof sportaktiwiteite. Vir die volwassenes is die posisie egter anders gesteld. Daar is slegs drie sentra naamlik Randfontein, Westonarea en Carltonville, by Randfontein van die sportvelde onder beheer van die Munisipaliteit, terwyl by Westonarea en Carltonville die fasiliteite deur die myne daargestel is.

(h) Vervoer.

Afgesien van eie vervoermiddels, bestaan daar die publieke vervoerdienste soos verskaf deur die Greyhoundbusdiens. Die roetes verander van tyd tot tyd om aan die behoeftes te voldoen, die gevolg is, dat die

Greyhound/

Greyhound busdiens op Randgate self nie oor 'n kaart beskik wat die roetes aandui nie.

Die hoof terminus van die Greyhound busdiens is op Randgate geleë. Hiervandaan gaan roetes deur die volgende hoewes nl. Elands en Wheatlands. Ook die Bootha en Loumarina hoewes maak hiervan gebruik. Randfontein is dan die eindpunt asook Millsite op die Randfontein - Krugersdorp spoorlyn. Verder volg 'n roete met die teerpad (hoofweg) na Westonarea en Venterspos. (Sien kaart in verband met die ligging van die hoewes). Die bewoners van Pelzvale en Randfontein Suid hoewes kan hiervan gebruik maak. 'n Roete gaan van Randgate deur Randfontein met die Potchefstroom teerpad (sien kaart in verband met ligging van die hoewes) deur die Middelvlei hoewes - soos die teerpad gaan - dan draai die roete weg by Vleikop en gaan met die pad tussen Vleikop en Rikassrus langs, volg om 'n paar blokke en dan weer met dieselfde roete terug na Randfonteinstantie.

Hierdie busdienste voorsien egter nie altyd in al die behoeftes van die werkers nie en moet hulle dus van motors of fietse gebruik maak.

Die Stadsraad van Randfontein subsidieer die busdiens met £100 per maand, wat dit dus vir die Maatskappy moontlik maak om baie billike pryse aan die publiek te stel.

HOOFSTUK IX.GEVOLGTREKKINGS.1. Inleidend.

Hoewel slegs van die Randfontein-area opnames gemaak is, het dit baie duidelik geword, uit gesprekke met gesaghebbende persone, dat wat hier ondervind is, taamlik algemeen toegepas kan word om die Rand. Veral wat betref die ontstaan van landbouhoewes op bepaalde gebiede om die stede.

Die onderverdeling van grond en die gevolglike ontstaan van landbouhoewes om Randfontein, en tot 'n groot mate ook ander stedelike gebiede, is tot 'n groot mate die gevolg van die verstedeliking van die Afrikaner en die hunkering na 'n eie stukkie grond, waarop hulle op klein skaal kan boer. Hierdie aspek is dan ook deur fortuinsoekers uitgebuit en dit het vandag meer 'n saak vir die agente geword, soos verder duidelik aangetoon sal word. Hierdie onderverdeling het tot 'n groot mate ook voorsien in die groot aanvraag na woongebiede en wonings vir die werkers in die stede.

In 'n kort artikel in Die Landbouweekblad word die posisie van die landbouhoewes baie treffend saamgevat.

„Die stedeling bou dikwels wonderlike lugkastele oor wat hy alles op sy toekomstige plasie tot stand gaan bring. Maar net so dikwels voldoen die werklikheid nie aan die hoë verwagtinge nie, hoewel sommige perseeleienaars daarin slaag om hulle inkomste aanmerklik aan te vul”.

„Die meeste perseeleienaars met wie 'n mens gesels, erken egter dat die inkomste uit hulle boerdery aansienlik laer is as wat hulle aanvanklik gemeen het. Dit wil nie sê dat daar nie persele is waarop 'n mens

jou/ ...

jou maandelikse inkomste met 'n hele paar pond kan aanvul nie, inteendeel, daar is persele wat ware goudmyntjies is, maar hulle is ongelukkig eerder die uitsondering as die reël". (1)

2. Redes vir die ontstaan van hoewes in die bepaalde gebied.

(a) Geografies.

Dit is baie duidelik dat die oorsaak vir die aanlegging van landbouhoewes in hierdie area geensins 'n geografiese agtergrond het nie. Hoewel hier tog genoem kan word, dat hierdie landbouhoewes nie sou ontstaan het as dit nie vir die myne in die omgewing was nie. Dus die ligging ten opsigte van die myne is wel 'n faktor.

Op landbouhoewes moet, uit die aard van die saak noodwendig intensiewe boerdery toegepas word. Vir intensiewe boerdery weer moet die basiese geografiese aspekte gunstig wees. Met een uitsondering is hierdie aspekte egter grotendeels negatief vir intensiewe boerdery.

(i) Topografies.

Dit is die enigste aspek wat enigsins in die guns van die ontstaan van die landbouhoewes is, hoewel daar geen aanduidings is dat die uitlêers dit in gedagte gehad het toe die plase onderverdeel is nie.

Soos onder hoofstuk III aangetoon is, beskik die area waarin die hoewes geleë is, oor 'n taamlike gelyk oppervlakte. Die gevolg is dat fluviële erosie nie maklik plaasvind nie. Besproeiing sal dus toegepas kan word, sonder dat die bogrond maklik wegspoel. Bergagtige gebiede is daar glad nie, as dit dus nie vir die klipperigheid van sommige dele is nie, kan alle gronde onder verbouing gebring word.

(ii) Geologies./ ...

(1) Die Landbouweekblad, 26.12.1951, 9.

(ii) Geologies.

Dit is 'n welbekende feit dat die gronde in dolomietiese dele sanderig en skraal is, daar is ook 'n groot gebrek aan humus in die grond. Die sanderigheid en gebrek aan humus veroorsaak dat water gou wegsak en ook nie lank in die grond gehou kan word nie, en sal dit baie besproeiing verg, en water is reeds skaars hier, daarby vereis dit ook baie hande arbeid.

Die suurheid en algemene gebrek aan minerale voedselstowwe in die grond en bogenoemde gebreke is dus 'n stremming op intensiewe boerdery, want dit kan alleen teen groot onkoste, deur bemesting en toevoeging van landboukalk en humus, oorkom word, en dit is 'n proses wat periodiek herhaal moet word, wat nie altyd moontlik is nie, weens 'n gebrek aan mis sowel as kunsmisstowwe.

(iii) Klimaat.

As 'n man net 'n klein stukkie grond besit, sal daar feitlik dwarsdeur die jaar op geproduseer moet word, om die onkoste aan bemesting en arbeid betalend te maak, as gevolg van die kort groeiseisoen hier is soiets bykans onmoontlik. Die eienaar het dus net gedurende sekere tye van die jaar baie werk en 'n inkomste, waarvoor hy dan ook die res van die jaar sy arbeidskragte moet aanhou, al is daar nie veel werk nie, wat nie 'n ekonomiese praktyk is nie. Onder gunstiger omstandighede bv. die laeveld, kan deur die jaar groente produseer word, en die arbeid kan dus altyd ekonomies aangewend word.

Die haelbuie en ontydige ryp wat kan voorkom, veroorsaak verder dat die ooste baie wisselvallig is, wat 'n gereelde inkomste onseker maak.

Die invloed van die swak en wisselvallig reënval word onder die landboukundige aspekte behandel.

(iv) Plantegroei./ ...

(iv) Plantegroei.

Soos aangetoon bied die natuurlike plantegroei geen goeie weiding vir die paar koeie wat aangehou word nie, en moet addisionele voedsel deur die jaar toegepas word. Hierdie bykomstige uitgawe maak die winste nog kleiner en 'n selfstandige bestaan ook moeiliker. Dit is baie belangrik dat op so'n klein stukkie grond goeie weiding moet wees, sodat dit nie nodig sal wees om verdere grond onder voergewasse ook te sit nie.

Dit is dus duidelik dat hierdie aspekte nie in oorweging gekom het, met die uitmeet van die gronde nie.

(b) Werklike faktore.

Navrae het aan die lig gebring dat die grond-oorsaak te vinde is by die oorspronklike grondeienaars en dit is die geval met die heel jongste skemas ook.

(i) Finansiële voordeel vir grondeienaars.

Die oudste hoewes is geleë om Randfontein. Hierdie area met sy suurgrond en suur weiveld, was nie 'n sukses vir grootskaalse boerdery nie. Die uitdrukking: „Die ou suurbulte is vir niks goed nie“, is algemeen gehoor.

Die eienaars wou die grond verkoop maar kon nie hulle prys kry nie. Op aanbeveling van agente is gedeeltes van die plase (begin met die plase Middelvlei, Hartebeesfontein en Elandsvlei) opgemeet in hoewes. Onmiddellik het pryse die hoogte ingeskiet en kon die eienaars uit 'n gedeelte van die plaas al meer maak as andersins vir die hele plaas.

(ii) Finansiële voordeel vir agente.

'n Agent het self ook erken dat dit vir hom 'n baie groot finansiële bate is. Hulle is mense wat hulle baie beywer vir die saak.

(iii) Finansiële/...

(iii) Finansiële voordeel vir die landmeter.

Op sy beurt weer is dit ook vir die landmeter wat die gebied moet opmeet 'n bron van goeie inkomste, ook mense wat hulle baie beywer vir die aanlê van hoewes.

(iv) Woningnood.

Soos verder aangetoon sal word, was dit een van die belangrikste faktore van die kant van die bewoner.

(v) Smag na eie grond en vryer lewe.

Verder is dit ook duidelik dat die arbeiders, persone is wat hoofsaaklik van plase afkom en dus gewoon is aan 'n vryer lewe, met sy eie besittings en hierin het hulle die weg oopgesien om nog 'n paar koeie, hoenders en varke aan te hou en 'n mate van boerdery in die spaartyd toe te pas. Veral op aanbevelings van agente, wat die saak gewoonlik baie rooskleurig voorstel, is baie mense geneig om hier te koop. Deurgaans kry mens die indruk dat die mense mislei word. Gesprekke met agente het bewys dat hulle die saak baie mooi en positief kan stel, sonder om die toekoms van die koper in ag te neem.

(vi) Agente is baie tegemoetkomend en veral in die begin is terme gereël met £10 deposito en £2.10.0. maandeliks, wat natuurlik aantreklik is vir die arm man, veral as hy nog daarop 'n huis kan bou, waaraan nie hoë vereistes gestel word nie, en met 'n kapitaal soos hy maandeliks kan bespaar uit sy loon.

(vii) Goedkoper lewe.

Dan is daar ook die gedagte dat daar 'n goedkoper lewe gevoer sal kan word en selfs die salaris sal kan aanvul uit landbouprodukte.

Sommige het die hoewe met een enkele doel voor oë gekoop en andere het meer as een oogmerk daarmee gehad. Die volgende tabel gee 'n juiste weergawe van die doel waarmee die bewoners die persele aangekoop het.

"A" Vir Woning/...

„A" vir Woning 43%, „B" Boerdery 25%, „C" Goedkoperlewe 25%, „D" Voorsorg vir Oudag 15%, „E" Wil net graag eie grond hê. Laasgenoemde hang nou saam met „A" of ook omgekeerd.

Onderstaande is die bevindings van die Theron-kommissie. (1)

„A" Woning 50%, „B" Boerdery 26%, „C" Beide 10%, „D" Goedkoper 9%, „E" Voorsorg vir Oudag 5%, „F" Buite restruksies $\frac{1}{2}\%$.

In albei gevalle word duidelik aangetoon dat die hoofsaak was om 'n woning te hê, en samehangend daarmee om ook 'n stukkie grond te besit. Vandag word dit in 'n nog groter mate as slegs 'n woning as wat oorspronklik in gedagte was, want al gou is uitgevind dat daar geen goedkoper lewe gelei kon word nie, of om deelyds die salaris uit die grond aan te vul nie.

(c) Doel van die Wet No. 22 van 1919.

Die doel van die wet was hoegenaamd nie om selfstandige boerdery-eenhede te skep nie, d.i. eenhede waarop 'n persoon 'n selfstandige bestaan uit landboubedrywighede kan maak nie, maar om gesonde woonbuurtes te skep vir veral myntering-lyers, pensionarisse en selfs ook vir laagbesoldigde persone, waar hulle genoegsaam grond mag besit om 'n eie tuin met vrugte bome, blomme ens. aan te lê en hoenders aan te hou, om daarmee die pensioen of salaris aan te vul. Gevolglik lê die wet ook neer dat 'n hoewe nie kleiner as 1 morg mag wees nie, wat ook heeltemal voldoende is vir die beoogde doel. (2)



3. Landboukundig./

(1) Theron-kommissie, 30.

(2) Theron-kommissie, 6.

96a.

Diagram; Skaal: 1 duim vertikaal stel voor 20%.



3. Landboukundig.

Die groot beperkende faktor hier, in hierdie verband en wat die hele sukses al dan nie van die perseel-eienaars bepaal, is die watervoorsiening vir besproeiing.

Die toestand i.v.m. water vir besproeiing is soos reeds aangetoon baie ernstig. Nie alleen in die geval van boorgate is die voorraad ondergrondse water vinnig aan die verminder nie, maar ook in die geval van permanente strome soos die Wonderfonteinloop en die fontein by Westonarea. Die lae gemiddelde reënval stimuleer die ondergrondse waters op baie klein skaal, en die verbruik is baie groter. Dit is dus 'n onomstootlike feit dat die tyd nie meer ver is, wanneer die boorgate so verswak of selfs so diep sal wees, dat daar kwalik in die nodige huishoudelike behoeftes voorsien sal word, of in die geval van die diepte, dit so duur sal wees, dat die gewone man dit onmoontlik sal kan bekostig, tensy dit moontlik sal wees om deur groot inkomstes uit die perseel te kan betaal nie. Die praktyk het reeds in die huidige omstandighede die onwaarskynlikheid daarvan getoon.

Daar sal dus sonder twyfel 'n stadium bereik word, waar daar teen hoë koste watervoorsiening aan die eienaar verskaf sal moet word. Hierdie water sal dan van elders aangelê moet word soos vir enige stads- of dorpsgebied. Weens die relatief dun bewoonde gebied sal so'n skema nie deur 'n plaaslike liggaam gefinansiër kan word nie. Dit dui reeds daarop dat die belasting-betaler, die skema sal moet betaal.

'n Fout wat deurgaans gemaak word, is dat die oppervlakte wat besproei kan word met so'n beperkte watervoorraad soos enige boorgat - selfs die sterkste -

vér/ ...

vérs oorskat is. Die meeste van die gewasse wat enige intensiewe boerdery lonend maak, vereis dat gedurende droë tye, minstens al om die sewe of tien dae natgelei moet word. Dit vereis dus 'n sterk boorgat en goeie enjin om 'n morg of anderhalf morg onder besproeiing te bring. Die gevolg is dat daar dikwels groot skades gelei word gedurende 'n droogte of selfs net geringe droë tye, wat vir ekstensiewe boerdery nog nie juis nadelig sou wees nie.

Die skraal grond vereis ook heelwat kapitaal en bewerking voordat dit 'n goeie oes kan lewer. Tesame hiermee moet gedurige aandag en bewerking en baie moeite i.v.m. die bemarking getroos word, met die produkte wat so intensief verbou moet word.

Die arbeid hiervoor benodig ontbreek so dikwels of is so wisselvallig dat dit die eienaar dikwels veel skade berokken, want gewoonlik kan die eienaar en sy gesin nie met die beperkte tyd tot sy beskikking die grootte van die perseel behartig nie. Daarby is arbeid om die stede ook so duur dat dit nie altyd lonend is om daarvan gebruik te maak nie.

Vrugteboerdery vereis nie soveel water en arbeid nie, en na beraming kan 'n vrugteboom fl per jaar inbring, in aanmerking geneem dat gewoonlik 300 bome per morg geplant kan word, is dit moontlik om 'n goeie bedrag jaarliks daaruit te maak, maar weens die klimaatomstandighede, laat ryp en hael, sal daar egter baie min van hierdie beraming teregkom in die Randfontein kleinhoewes - intendeel geen bewoner kan hierdie ideaal nog verwesenlik nie. Ook pluimvee-boerdery behoort betalend te wees, maar hierdie eienaars kan ook nie tot dusver daarin slaag nie.

4. Ekonomies. /

4. Ekonomies.

Oppervlakkig beskou - soos die geval met die meeste bewoners is - lyk dit of die lewe op die hoewes goedkoper sal wees. Die hoofstuk oor die ekonomiese aspekte het egter die teendeel bewys. Dit is ook die ondervinding van diegene wat deeglike ondervinding van stadslewe en perseellewe het en daarby hulle uitgawes nugter nagaan. In gevalle waar eienaars beweer het dat hulle goedkoper lewe, moes hulle nadat hul inkomstes en uitgawes met juiste syfers uitgewerk is, tog erken dat dit nie die geval is nie. Ten spyte hiervan verkies hulle nog die vryer en sogenaamde gesonder lewe.

In der waarheid is die ekonomiese toestand van die perseelbewoner - met dieselfde salaris as 'n man in die dorp - nie so goed as die dorps- of stadsbewoner nie. Natuurlik is daar na weerskante uitsonderinge, al na gelang die vermoë om die geld reg aan te wend al dan nie. In gevalle van groot huisgesinne met 6 kinders of meer in die huis, is dit eerder moontlik dat die lewe op die hoewes wel goedkoper sal wees.

5. Sosiologies.

Daar kan tot dusver nog geen bewys gelewer word dat hierdie lewe 'n heilsame geestelike invloed gehad het nie. Die baie opofferings wat in sommige opsigte - veral behuising - gemaak moet word, breek die goeie invloed van die vryer lewe en arbeid in die grond, weer af.

Die mense stel algemeen minder belang in verenigingslewe of kultuuraangeleenthede en is dus as geheel vir die volk nie 'n bate nie. Van die vryer lewe kom daar ook maar min tereg, want die hoewes is so klein en oop, dat die buurman nog maar sal weet wat jy om jou huis doen, sonder dat dit nodig is om juis 'n besoek af te lê.

6. Algemeen./

6. Algemeen.

(a) Samevatting van 1, 2, 3, 4 en 5.

Hoewel daar baie persone is wat beweer dat hulle lief is om in die grond te woel en daarom graag 'n perseel wil besit, is dit tog opvallend hoe dikwels gevind word, dat as jy by daardie persoon kom, hy in die huis is, of staan en toekyk hoe die naturel in die grond moet woel.

Sonder om die goeie punte van die persele prys te gee, kan die gronde baie kleiner gesny word - minder as een morg - dan sal daar nog genoeg geleentheid gebied word om 'n tuintjie te maak, vrugte bome te plant en hoenders aan te hou, vir eie gebruik, soos die geval ook werklik in baie plattelandse dorpe en selfs stedelike gebiede die geval is! Die man en sy gesin sal dan in die spaartyd, tot hulle beskikking, die geleentheid hê om die stukkie grond deeglik en netjies te bewerk in plaas van 'n groot stuk wat half bewerk en deels verwaarloos is, wat ongetwyfeld 'n ongesonde invloed op die eienaar self en veral die opgroeiende kinders het. 'n Netjiese bewerkte stukkie grond met 'n goeie huis daarop sal altyd 'n heilsame invloed uitoefen. Dit sal dan nie nodig wees om 'n bediende daarvoor aan te hou op wie die werk en die blaam altyd gepak kan word nie, waardeur so maklik aangeleer word om minder verantwoordelik te wees, en later altyd die fout by ander te seek nie.

Dit is 'n belangrike saak hierdie. Soos die diagramme aantoon, het slegs 25% van die bewoners die grond gekoop met die doel om daarop te boer, dus word die grond nie verwaarloos hoofsaaklik net omdat die water skaars is nie of net omdat die grond te klein is nie, maar ook omdat die mense nie juis 'n groot boerdery wou opbou nie, en die 25% wat nog wou boer moes vind dat hulle baie

min/

min tyd het om 'n uitgebreide, intensiewe boerdery te behartig, want die meerderheid van die 25% wat gekom het om te boer wou dit in hul spaartyd doen. Die hoof doel was nog om een of ander werk te aanvaar. Daar kan dus ook geen twyfel bestaan dat dit nie die te klein stukkie grond is wat die mense dwing om te gaan werk nie, hulle verkies dit. Dit is dan ook meestal die persone wat deelytys wou boer wat die meeste teleurgesteld is, meer nog as die wat goedkoper wou lewe.

Indien kleiner persele of erwe geskep kan word, kan dit bestuur word soos 'n dorpsgebied en voorsiening kan gemaak word vir higiëniese sanitêre geriewe, elektrisiteit en goedkoop water - voorsiening - waarby boorgate nie toegelaat sal word nie, of slegs in uitsonderlike gevalle - en deeglike paaie en voldoende, ekonomiese vervoerfasiliteite. Terselfdertyd voldoen dit aan die argument wat so dikwels gehoor word, nl. dat die groot stukke grond wat ongeskik is vir ekonomiese boerdery - soos die geval in menige opsig was met die hoewes op Randfontein toe dit nog plaasgrond was - nou wel produktief bewoon en bewerk word, want 'n eienaar van 'n klein stukkie grond kan makliker intensiewe aandag daaraan gee om die vrugbaarheid te verhoog. Soos die kaarte deurgans aantoon, lê daar tans baie persele onproduktief en ook groot dele van bewoonde persele.

Daar bestaan geen regverdiging vir groot persele nie. Waar daar wel van 'n besproeiings skema gebruik gemaak kan word, (bv. langs 'n rivier) sal dit ook nie regverdig wees nie, want 'n persoon wat sy aandag deelytys aan die boerdery, wat intensief moet wees, wy, kan nie dieselfde waarde uit dieselfde stukkie grond haal nie. Ons land nader vinnig die stadium waar elke

moontlike/

moontlike stukkie besproeibare grond sy maksimum sal moet lewer om die volk te voed.

(b) Die Theron-kommissie.

Die Theron-kommissie het in hulle ondersoek die volgende aanbevelings gemaak in verband met die toekomstige ontwikkeling van die hoewes:

(i) „Dat die doelstelling van die Wet No. 22 van 1919 insake, 'landbouhoewes' aan te prys is;

(ii) „dat die benaming 'landbouhoewes' misleidend is en verander moet word;

(iii) „dat in die toekoms persele vir die doel wat hierdie wet beoog, beperk moet word tot 'n grootte van 1 tot $1\frac{1}{2}$ morg en dat so'n gebied dan as dorpsgebied beskou en beheer word deur 'n dorpsraad, 'n gesondheidskomitee of 'n staatsbeampte;

(iv) „dat die Dorperaad ten opsigte van die tans bestaande hoewes onderverdeling tot op bogenoemde grootte nie moet teegaan, trouens aanmoedig, so sou as daar 'n effektiewe lokale bestuur in die lewe geroep is;

(v) „dat in die toekoms geen perseel tussen die groottes van $\pm 1\frac{1}{2}$ en 10 morg toegelaat sal word nie, behalwe onder uitsonderlike omstandighede waar bv. die watervoorsiening en of bemarkings fasiliteite besonder gunstig is;

(vi) „dat persele met die maksimum grootte van $1\frac{1}{2}$ morg onder die vaderskap en beheer van die Dorperaad ressorteer en persele of plasies van 10 morg en groter onder die deskundige leiding van die Departemente van Landbou en Lande. Die 1 - $1\frac{1}{2}$ morg grootte van perseel vorm die semi-stedelike woonbuurtes waarvoor daar 'n baie besliste aanvraag is, terwyl die 10 morg perseel in werklikheid klein plasies is vir die pensioenaris en

ander/ ...

ander wat voorsiening vir die „oudag" ens. wil maak. Hierdie 10 morg persele mag onder geen omstandighede onderverdeel of onderverbou word nie.

Ons stel die minimum grootte van die eintlike klein plasie op 10 morg hoofsaaklik omdat daar maar weinig omgewings is wat genoeg water het om 'n kleiner meer intensiewe boerdery enige vooruitsigte op sukses te gee". (1)

(c) Assistent-stadsingenieur.

Kommentaar oor die bestaande kleinhoewestelsel deur die Waarnemende stadsingenieur, 15 November 1945, lui as volg:

(i) "I am convinced that the cutting up of land into units which are not large enough for an economic farming proposition is a moral crime in South Africa,

(ii) "The menace of having people living under semi-urban conditions is both an economic and health one.

(iii) "This is wantonly impoverisation,

(a) of the soil of South Africa and

(b) of the descendants of the people who live there.

(iv) "The very strongest representations should be made through the Townships Board to have this practice outlawed by national legislation.

(v) "Randfontein is fast becoming a Peri-small holding community". (1)

(1) Stadsraadlêer, 723, Middelvlei Agricultural Holdings.

BRONNELYS.

Bryan, P.W. : Man's adaptation of Nature.

University of London Press, London, 1937.

Landbouweekblad : Die Nasionale Pers Beperk,

Kaapstad, 26.12.1951.

L.M. Engineers Ltd., P.O. Box 846, Bloemfontein.

Louw, W.J. : An Ecological account of the Vegetation
of the Potchefstroom Area.

Botanical Survey of South Africa Memoir N. 24,

Die Staatsdrukker, Pretoria, 1950.

Mellor, E.T. : The Geology of the Witwatersrand :

Die Staatsdrukker, Pretoria, 1917.

Nel, Louis T., Frommurze, H.F., Willemse, J. en
Haughton, S.H. : The Geology of Ventersdorp
and adjoining country. Die Staatsdrukker,
Pretoria, 1935.

Normaal van Reënval; Meteorologiese kantoor :

Die Staatsdrukker, Pretoria. 1939.

Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika,

No. 25. Die Staatsdrukker, Pretoria. 1949.

Randfontein Municipality : Alteration of Boundaries.

Report of Proceedings of Commission, Volume I.

Report of Commission of Inquiry appointed to inquire
into the Subject Matter of a Draft Ordinance to
control the Subdivision of Farm Land and Agri-
cultural Holdings. Die Staatsdrukker, Pretoria.
1949.

Stadsraadlêer/...

I.

FOTO 1: TENACRE LANDBOUHOEWES.



FOTO 2: ELDORADO HOEWE 24.



II.

FOTO 3: HILLSIDE HOEWE 253.



FOTO 4: HILLSIDE HOEWE 218.



III.

FOTO 5: VLEIKOP HOEWE 113.




FOTO 6: DWARSKLOOF 47.



FOTO 7: WHEATLANDS HOEWE 112.




FOTO 8: WILBOTS-DAL HOEWE 49.





FOTO 9: RIKASRUS HOEWE 195.



FOTO 10: BOTHA HOEWES, HOEKE VAN HOEWES 107, 101 & 102.



VI.

FOTO 11: WHEATLANDS HOEWE 111.




FOTO 1a:

RIKASRUS.



VII.

FOTO 13: WONDERFONTEIN-OOG EN -KANAAL.



FOTO 14: HILLSIDE HOEWE 1.



FOTO 15: HILLSIDE HOEWE 62.



FOTO 16: MIDDELVLEI 41.



FOTO 17: ELDORADO HOEWE 24.



FOTO 18: MIDDELVLEI HOEWE 109.

